

# Opstaan om te Dien



Ruhi Instituut





Boek 2

# Opstaan om te Dien

Ruhi Instituut

Boeke in die Reeks:

Hieronder is die huidige titels in die reeks wat deur die Ruhi-instituut ontwerp is. Die boeke is bestem om as die hoofreeks van kursusse gebruik te word, in 'n sistematiese poging om die bekwaamheid van jongmense en volwassenes om hul gemeenskappe te dien, te versterk. Die Ruhi-instituut ontwikkel ook 'n stel kursusse, wat uit Boek 3 in die reeks vertak, vir die opleiding van onderwysers van Bahá'í-kinderklasse, sowel as 'n ander stel uit Boek 5 vir die gereedmaking van animeerders van junior jeuggroepe. Dit word eweneens in die lys hieronder aangedui. Daar moet kennis geneem word dat die lys kan verander namate ondervinding in die veld vorder, en bykomende titels sal bygevoeg word wanneer 'n aantal kurrikulêre aspekte wat ontwikkel word, die stadium bereik waar hulle wyd beskikbaar gestel kan word.

| | |
|---|---|
| Boek 1 | *Besinning oor die Lewe van die Gees* |
| Boek 2 | *Opstaan om te Dien* |
| Boek 3 | *Onderrig van Kinderklasse, Graad 1* |
| | *Onderrig van Kinderklasse, Graad 2 (takkursus)* |
| | *Onderrig van Kinderklasse, Graad 3 (takkursus)* |
| | *Onderrig van Kinderklasse, Graad 4 (takkursus)* |
| Boek 4 | *Die Tweelingmanifestasie* |
| Boek 5 | *Vrystelling van die Kragte van Junior Jeug* |
| | *Aanvanklike Impuls: Die eerste takkursus van Boek 5* |
| | *Verbredende Sirkel: Die tweede takkursus van Boek 5* |
| Boek 6 | *Onderrig van die Saak* |
| Boek 7 | *Saamstap op 'n Pad van Diens* |
| Boek 8 | *Die Verbond van Bahá'u'lláh* |
| Boek 9 | *Verkry 'n historiese perspektief* |
| Boek 10 | *Bou Lewenskragtige Gemeenskappe* |
| Boek 11 | *Materiële Middele* |
| Boek 12 | (komende) |
| Boek 13 | *Betrokkenheid by Sosiale Aksie* |
| Boek 14 | (komende) |

Kopiereg © 2022 deur die Ruhi Stigting, Colombië
Alle regte voorbehou. Uitgawe 2.1.1.PE gepubliseer in Oktober 2022
Gedruk in Suid-Afrika

Originally published in Spanish as *Levantémonos a servir*
Copyright © 1987, 1996, 2020 by the Ruhi Foundation, Colombia
ISBN 978-958-52941-0-3

Permission for a limited printing of this book in Afrikaans has been granted by the Ruhi Institute.

Ruhi Instituut
Cali, Colombië
E-pos: instituto@ruhi.org
Webwerf: www.ruhi.org

# Inhoud

**Voorwoord:** **'n Paar Gedagtes vir die Tutor ........ 4**

**Deel I:** **Die Genot van Onderrig ........ 9**

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling | 1 | 9 |
| Afdeling | 2 | 10 |
| Afdeling | 3 | 12 |
| Afdeling | 4 | 13 |
| Afdeling | 5 | 13 |
| Afdeling | 6 | 14 |
| Afdeling | 7 | 15 |
| Afdeling | 8 | 17 |
| Afdeling | 9 | 19 |

**Deel II:** **Opbouende Gesprekke ........ 22**

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling | 1 | 22 |
| Afdeling | 2 | 23 |
| Afdeling | 3 | 25 |
| Afdeling | 4 | 26 |
| Afdeling | 5 | 28 |
| Afdeling | 6 | 29 |
| Afdeling | 7 | 31 |
| Afdeling | 8 | 32 |
| Afdeling | 9 | 34 |
| Afdeling | 10 | 36 |
| Afdeling | 11 | 37 |
| Afdeling | 12 | 38 |

**Deel III:** **Verdiepende Temas ........ 40**

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling | 1 | 40 |
| Afdeling | 2 | 41 |
| Afdeling | 3 | 41 |
| Afdeling | 4 | 45 |
| Afdeling | 5 | 46 |
| Afdeling | 6 | 47 |
| Afdeling | 7 | 53 |
| Afdeling | 8 | 56 |
| Afdeling | 9 | 64 |
| Afdeling | 10 | 65 |
| Afdeling | 11 | 68 |
| Afdeling | 12 | 70 |
| Afdeling | 13 | 76 |
| Afdeling | 14 | 79 |
| Afdeling | 15 | 83 |
| Afdeling | 16 | 86 |

VOORWOORD

# 'n Paar Gedagtes vir die Tutor

Hierdie boek, die tweede in die hoofreeks kursusse wat deur die Ruhi-instituut aangebied word, handel oor vermoëns wat ons in staat stel om by te dra tot sinvolle en opbouende gesprekvoering. Die spesifieke diensdaad waarop die boek fokus, word in Deel III beskryf. In 'n wêreld waarin kragtige magte gemeenskapsbande uitmekaar skeur, kan die praktyk om vriende en bure by hul huise te besoek, om kerntemas van die lewe van die samelewing te verken - as dit 'n prominente kenmerk van kultuur word - sommige van die euwels regstel wat veroorsaak word deur toenemende isolasie. Die gemeenskapsbande wat so gesmee word, volgens Deel III, dien om die bouproses van lewenskragtige, harmonieuse gemeenskappe te versterk.

'n Volgehoue program van huisbesoeke in 'n buurt of dorp verg 'n mate van organisasie deur 'n kern van toegewyde vriende, wat ondersteun word deur die vereiste administratiewe instellings en agentskappe. Wanneer 'n groep deur die boek werk, moet die tutor in gedagte hou dat deelnemers voorberei word, om by so 'n deurlopende projek aan te sluit. Besoeke wat vir hulle gereël word as 'n komponent van hul studie, moet lei tot 'n verbintenis om jaar na jaar aan hierdie projek deel te neem; 'n belangrike aspek van 'n lewe van diens.

Die praktyk van huisbesoeke met die uitdruklike doel om temas van geestelike en sosiale betekenis te verken, verryk duidelik die kultuur van 'n gemeenskap. Ewe deurslaggewend in hierdie opsig is die talle informele gesprekke wat plaasvind by die huis, werkplek, skool en by die mark. Om geestelike beginsels van tyd tot tyd in die alledaagse gesprekke in te voer, is dus 'n vermoë wat aandag verdien. Deel II fokus op die ontwikkeling daarvan. Sodoende word 'n grondslag gelê vir die studie wat in Deel III onderneem word.

As ons gesprekke met vriende en bure opbouend wil wees, moet ons vreugde kan bring in ons interaksies met hulle. Dit is die onderwerp wat in Deel I, "Die Genot van Onderrig", aangespreek word. Al die diensdade wat deur die Ruhi-instituut aanbeveel word, is in wese daarop gebaseer om die pêrels van goddelike wysheid, wat ons in die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring ontdek, met ander te deel. Die studie van Deel I is daarop gemik om bewustheid van die vreugde binne hierdie strewe, te verhoog. Deelnemers word in verskeie afdelings gevra om oor die Woord van God te besin, en watter seën dit is om dit met ander te kan deel. Hieruit, volgens Deel I, ontstaan die vreugde wat ons treë versnel, terwyl ons die pad van diens bewandel. Tog, selfs wanneer ons ten volle oortuig is van hierdie diepgaande geestelike waarheid, kan ons die genot van onderrig verloor, as ons nalaat om na te dink oor die eienskappe en gesindhede wat diens moet onderskei. Dit is die onderwerp van bespreking in baie van die volgende boeke in die reeks, en slegs 'n paar daarvan word hier ondersoek, wat begin met losmaking in Afdeling 7. 'n Seleksie van aanhalings uit die Bahá'í Geskrifte vorm die basis vir besinning oor hierdie eienskap van losmaking, wat onontbeerlik is sodat eksterne

faktore nie die vreugde van diens verminder nie. Dit is belangrik dat deelnemers nie ná hul studie verkeerdelik dink, dat losmaking afsydigheid beteken, of gebrek aan omgee impliseer nie. Ons moet voortdurend daarna streef om ons aktiwiteit te verskerp en om die doeltreffendheid van ons diens te verhoog, terwyl ons poog om beter en beter resultate te behaal. Dit vereis 'n voldoende begrip van die aard van pogings, 'n onderwerp wat in Afdeling 8 behandel word. Optimisme en dankbaarheid, twee basiese gesindhede op die pad van diensbaarheid, word kortliks hierna in die slotafdeling bespreek.

Deel II van hierdie boek, "Opbouende gesprekke", fokus op die vermoë om die vlak van informele gesprek te verhoog deur na geestelike beginsels te verwys, wanneer die geleentheid dit toelaat. Dit bestaan uit 'n aantal kort stellings oor verskeie onderwerpe, wat, hoewel dit nie presiese aanhalings is nie, gebaseer is op 'Abdu'l-Bahá se uitsprake en baie van die woorde en frases insluit, wat Hy gebruik het. Dit is van universele belang, en spreek die aspirasies en bekommernisse aan, van mense van alle agtergronde. Daar word gehoop dat, deur dié stellings te bestudeer, deelnemers inspirasie sal put uit die wyse waarop 'Abdu'l-Bahá geestelike beginsels verduidelik het, en dat hulle die gewoonte sal aanleer om na Hom te wend, terwyl hulle daarna streef om die pêrels te ontdek wat in die see van Bahá'u'lláh se Openbaring lê, die betekenis en implikasies van Sy Vader se leringe te verstaan, en dit mildelik met ander te deel.

Om die doel van Deel II te bereik, moet deelnemers die geleentheid gegun word om elke stelling verskeie kere deur te gaan, die volgorde van gedagtes te identifiseer en dit dan te oefen deur dit te sê, totdat hulle die idees sodanig geïnternaliseer het, dat hulle dit natuurlik kan uitdruk. Sommige sal die stellings eers basies memoriseer en dit min of meer herhaal soos dit in die teks voorkom. Dit word vereis. Soos hul kennis van die Geloof verdiep en hul ervaring groei, sal hulle toegang hê tot 'n veel breër omvang van inhoud en 'n baie ryker woordeskat, wat in hul interaksies met ander weerspieël sal word. Die tutor moet weet dat daar op hierdie stadium twee uitkomste gesoek word: 'n mate van gemak in die verduideliking van die leringe en ooreenstemming met 'Abdu'l-Bahá se denke.

Nadat die lede van die groep geleer het om die inhoud van elke stelling aan te bied, beweeg hulle aan na 'n ander aktiwiteit, waarin hulle aangemoedig word om die idees wat hulle bestudeer het in verband te bring met kwessies waaroor hul families, vriende en kollegas besorg is. Vir hierdie doel word hulle gevra om na te dink oor sommige van die onderwerpe en vrae wat in gesprek geopper is, en te besluit watter daarvan aan hulle die moontlikheid sal bied, om die idees in 'n bespreking in te vleg. Vir 'n paar stellings word 'n voorbeeld of twee genoem om te illustreer hoe die geestelike beginsels wat deur 'Abdu'l-Bahá verkondig is, lig werp op sake wat vir mense oral van belang is. Hierdie oefening sal beter vrugte oplewer as die tutor, terwyl studie van die boek nog aan die gang is, elke lid kan help om een van die stellings te kies, en 'n paar persone met wie hulle kan gesels oor die idees daarin. Sodoende kan tyd opsy gesit word vir deelnemers om, wanneer hulle byeenkom, aan mekaar die dinamika van die gesprekke waarin hulle betrokke was, te beskryf.

Vir elke stelling in Deel II is 'n paar gedeeltes uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh ingesluit vir memorisering. Die klem wat die Ruhi-instituut op memorisering plaas, wat reeds in Boek 1 blyk, word meer prominent in Boek 2. Daar word aanvaar dat deelnemers teen hierdie tyd bewus is, van die geestelike voeding wat hulle ontvang, deur telkens gedeeltes uit die Geskrifte op te roep. In Boek 2 sal hulle dan verder besin oor die uitwerking van die Woord van God op die menslike hart, en in Deel III, soos in Deel II, sal hulle leer om beginsels en idees vanuit die Geskrifte, wanneer hulle praat en, waar toepaslik, direk aan te haal. Om die leringe akkuraat te verduidelik om dit aan ander in suiwere vorm oor te dra, is een van die vermoëns wat ons almal probeer ontwikkel, terwyl ons die pad van diens bewandel. Dis 'n uitstekende vertrekpunt om 'Abdu'l-Bahá se verduidelikings te bestudeer, en dit te probeer uitdruk soos Hy dit gedoen het. Dít is die basiese uitgangspunt van die struktuur van Deel II.

Soos hierbo aangedui, wend Deel III, getiteld "Verdiepende temas", na die diensaksie wat in Boek 2 behandel word - dit wil sê om besoeke aan vriende en bure te bring, met die spesifieke doel om betrokke te raak by besprekings wat noodsaaklik is vir gemeenskapslewe. Drie tipes gesprekke word in hierin beoog en vir elkeen word spesifieke inhoud aangebied. Die eerste tipe handel oor 'n reeks temas, wat saam met die inwoners van 'n dorpie of buurt, in 'n program van sistematiese besoeke, ondersoek moet word. Alhoewel die gegewe inhoud goed op diverse wyses met belangstellende gehore gedeel kan word, bly die oorspronklike bedoeling van die temas – naamlik om die lede van 'n huishouding die geleentheid te bied om hul kennis van die Geloof uit te brei - die mees toepaslike. Die grootste deel van Deel III word dus aan hierdie tipe gesprekke gewy.

Tog het die praktyk van huisbesoeke nuwe dimensies aangeneem in die laaste paar jaar, veral omdat kleiner en kleiner geografiese eenhede, tot op die vlak van die dorp en die stedelike woonbuurt, 'n toename gesien het in die aantal individue, wat as tutors, animeerders van junior jeuggroepe en kinderklas-onderwysers kan optree. Die praktyk het getoon dat huisbesoeke noodsaaklik is, nie net vir die doel om kennis van die Geloof te versprei nie; dit is ook noodsaaklik vir die suksesvolle ontplooiing van die programme vir die geestelike bemagtiging van junior jeug en vir die geestelike opvoeding van kinders. Wat hierin duidelik geword het, is dat animeerders en onderwysers die ouers van die kinders in die twee programme gereeld moet besoek, om die konsepte en benaderings van hul vorming, te bespreek. Hierdie besprekings vorm 'n tweede tipe gesprek, wat in Afdeling 14 en 15 ondersoek word. Die inhoud wat in hierdie afdelings behandel word, is glad nie omvattend nie, want deelnemers sal baie meer vertroud raak met die twee opvoedkundige programme in latere kursusse. Maar om bewus te wees van die belangrikheid van hierdie tipe gesprek, en om onderwysers van kinders en animeerders van junior jeuggroepe op hul besoeke aan ouers te vergesel, kan op hierdie vroeë stadium heel nuttig wees.

'n Derde tipe gesprek wat in Deel III in die vooruitsig gestel word, dien 'n heel spesiale doel. Sovele jong mans en vroue soek middele, waardeur hul vurige begeerte om by te dra tot die verbetering van die wêreld, uitdrukking kan vind. Hulle bevat 'n enorme voorraad van gestoorde kapasiteit om 'n wagtende, of eerder verlangende samelewing te ontgin en te verander. 'n Gesprek tussen maats waarin hulle besin oor die geleenthede en verantwoordelikhede eie aan die jeugtydperk, met al sy energie en buitengewone potensiaal, kan - meer dikwels as nie - lei tot 'n gesprek oor diens en belangstelling aanwakker vir die werk, wat in dorpe en woonbuurte wêreldwyd aan die gang is. Vele sal op hul beurt 'n uitnodiging verwelkom om by die instituutkursusse aan te sluit, om sodoende die vermoë te verkry om geestelike opvoeding aan opkomende generasies te verskaf, as kinderklas-onderwysers en animeerders van junior jeuggroepe. Afdeling 9 en 10 sit 'n paar idees uiteen, wat in hierdie tipe gesprek ondersoek kan word.

Om die vermoëns te versterk wat individue in staat stel om betekenisvolle gesprekke te begin en vol te hou, moet Deel III natuurlik verder gaan, as om breë temas en die inhoud daarvan aan te bied. Afgesien van die vermoë om idees met duidelikheid te verwoord, moet deelnemers die nodige gesindhede en geestelike eienskappe ontwikkel. Dít vorm dan die basis van baie van wat in Deel III ontvou, maar die implikasies daarvan op die betrokke vermoëns word in Afdeling 4 uiteengesit. Hier moet deelnemers nadink oor watter soort sentimente en gedagtes ons harte en gedagtes moet vul, in die voorbereiding vir 'n besoek, en in Afdeling 5, besin hulle oor die kwaliteit van nederigheid. Die tutor sal wil verseker dat hierdie afdelings voldoende aandag deur deelnemers kry, want - ongeag hoeveel kennis ons opdoen, maak nie saak hoe goed ons idees kan oordra nie - die effektiwiteit van ons gesprekke sal afhang van ons eie eienskappe en gesindhede wat ons aan hulle oordra.

Daar moet kennis geneem word, dat die diensdade wat in hierdie reeks boeke beskryf word, hoewel dit die kern vorm van gemeenskapsontwikkeling en groei, bowenal elemente is van 'n proses wat poog om individuele potensiaal te verhoog deur studie en aksie. Wat elke tutor behoort te besef, is dat hierdie handelinge op mekaar bou, en van boek tot boek toeneem met betrekking tot kompleksiteit. Om te leer om elke diensdaad effektief uit te voer, blyk deurslaggewend te wees vir die nodige vaardigheid om die wat volg aan te pak. Om 'n deurlopende gesprek vol te hou oor die verloop van huisbesoeke, soos in Boek 2 voorgestel word, is duidelik meer veeleisend as die aktiwiteit wat in Boek 1 benodig word, naamlik om gereelde gewyde byeenkomste aan te bied, hetsy op jou eie of in samewerking met 'n paar ander. En dit is nie moeilik om te sien hoedat, om die meer komplekse diensdade wat voorlê te onderneem, dit noodsaaklik sal wees vir deelnemers om te vorder in die vermoëns wat hier aangespreek word.

Soos dit in die inleidende opmerkings van Boek 1 genoem is, kom deelnemers aan die instituutkursusse wêreldwyd uit 'n verskeidenheid agtergronde, en het hulle aanvanklik verskillende grade van vertroudheid met die Bahá'í-leringe. Teen die tyd dat hulle met hierdie tweede boek begin, sal hulle inderdaad, almal die pad van diens aangepak het, wat deur die kursusse geopen is. Maar daar bly 'n paar verskille. In die geval van die jeug byvoorbeeld sal - tensy hulle deur die opvoedkundige programme vir kinders en junior jeug gewerk het - baie van die stellings en temas wat in die boek aangebied word, vir hulle nuut wees, en die studie daarvan sal vir hulle dien as 'n manier om hul eie kennis van die Geloof te verdiep. Die tutor moet in hierdie opsig gereed staan om die nodige buigsaamheid en kreatiwiteit aan die dag te lê, om begrip by elke lid van die groep te koester. Terselfdertyd moet seker gemaak word dat die hoofdoel van die kursus, naamlik om deelnemers in staat te stel om in sinvolle en opbouende gesprek betrokke te raak, bereik word. Voorts, in die duisende plekke waar die boek gebruik word, is die gemeenskapsbouproses waartoe die drie dele van hierdie boek wil bydra, nie op dieselfde punt van ontwikkeling nie. Om dit wat geleer word in werking te stel, kan dus 'n ietwat ander vorm van een plek tot 'n ander aanneem, en dit gee ook 'n aanduiding van die sorgsaamheid en deeglikheid waarmee 'n tutor moet reageer op die behoeftes van elke groeplid, wanneer hy hierdie bladsye met hulle behandel.

# Opstaan om te Dien

Ruhi Instituut Boek 2



# Deel I: Die Genot van Onderrig

Doel

Om te besef dat die vreugde van onderrig lê
in die daad om die Woord van God met ander te deel

**AFDELING 1**

*Opstaan om te dien* is die tweede in 'n reeks kursusse wat deur die Ruhi Instituut aangebied word, wat poog om studie en aksie te kombineer. Die doel daarvan is om jou te help om verder te vorder op die pad van diens wat jy betree het, terwyl jy poog om 'n dubbele doel te vervul: om jou eie geestelike en intellektuele groei na te streef, en om by te dra tot die transformasie van die samelewing. Vanuit jou deelname aan die eerste kursus, sal jy reeds besef dat die pad waarna ons verwys, gedefinieer word deur 'n reeks diensdade; handelinge wat ons uitvoer met ons oë gevestig op die visie van 'n nuwe wêreldorde, soos dit in die vooruitsig gestel is in die Geskrifte van Bahá'u'lláh. So baie van wat ons noem "om die pad van diens te bewandel" bestaan uit ons pogings om Sy leringe toe te pas op ons eie lewens en op die lewe van die mensdom. Hy praat self van Sy Openbaring op hierdie wyse:

**"O My dienaars! My heilige, My Goddelik verordende Openbaring kan vergelyk word met 'n diep oseaan waarin ontelbare pêrels van groot waarde en met merkwaardige glans versteek is. Dit is die plig van elke soeker om homself te beywer en daarna te streef om die oewers van hierdie oseaan te bereik, sodat hy, in verhouding tot die gretigheid van sy soektog en die moeite wat hy aangewend het, kan deelneem aan die voordele wat vooraf bepaal is in God se onherroeplike en verborge Tablette."**[1]

[1] *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 printing), CLIII, par. 5, p. 369.

Hier in Deel I wend ons ons gedagtes na die vreugde wat ons harte vul, as ons die pêrels van wysheid ontdek wat in die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring lê en dit met ander deel. Reeds uit jou studie van Boek 1 het jy gesien hoe pragtig fraai die pêrels van goddelike leiding in Sy Geskrifte is. Kom ons oordink nog 'n paar uittreksels:

**"Die Woord van God is 'n lamp, waarvan die lig hierdie woorde is: Julle is die vrugte van een boom en die blare van een tak."**[2]

**"Die mees geliefde van alle dinge in My oë is Geregtigheid; wend jou nie daarvan af as jy My begeer nie, en verwaarloos dit nie, sodat Ek op jou kan vertrou."**[3]

**"Wees ernstig besorg oor die behoeftes van die tyd waarin jy leef, en fokus jou beraadslagings op die behoeftes en vereistes daarvan."**[4]

**"Alle mense is geskape om 'n voortdurend ontwikkelende beskawing voort te sit."**[5]

**"Die wêreld gaan verby, maar wat ewigdurend is, is die liefde van God."**[6]

**"Jy is My lamp en My lig is in jou. Put jou glans daaruit en soek niemand anders as My nie. Want Ek het jou ryk geskape en My guns oorvloedig oor jou uitgestort."**[7]

Jy sal dalk hierdie kort gedeeltes mettertyd wil memoriseer.

## AFDELING 2

Om jou beraadslagings oor die hooftema van hierdie eenheid te begin, lees weer die eerste gedeelte wat in die vorige afdeling aangehaal is en doen die volgende oefeninge:

1. Voltooi onderstaande sinne.
   a. Dit is ons doel om onsself te ________________________________ en daarna te streef om die ________________________ van die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring te __________________________________ .
   b. Ons moet daarna streef om die oewers van die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring te bereik sodat ons deel kan hê aan sulke _______________ ____________________ soos vooraf bepaal is in God se onherroeplike en verborge Tablette.

[2] Ibid., CXXXII, par. 3, p. 326.
[3] Bahá'u'lláh, *The Hidden Words* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2003, 2012 printing), Arabic no. 2, p. 3.
[4] *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh*, CVI, par. 1, p. 241.
[5] Ibid., CIX, par. 2, p. 243.
[6] Bahá'u'lláh, in *Women: Extracts from the Writings of Bahá'u'lláh, 'Abdu'l-Bahá, Shoghi Effendi and the Universal House of Justice*, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1986, 1997 printing), no. 53, p. 26.
[7] *The Hidden Words*, Arabic no. 11, p. 6.

c. Die voordele wat ons geniet van die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring sal in verhouding wees tot ________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

2. Wat beteken dit om jouself te "beywer"?
____________________________________________________________
____________________________________________________________

3. Wat beteken dit om te "streef" om iets te bereik?
____________________________________________________________
____________________________________________________________

4. Waarna moet elke soeker streef om te bereik?
____________________________________________________________

5. Wat beteken dit vir één ding, "in verhouding" tot 'n ander?
____________________________________________________________
____________________________________________________________

6. Bahá'u'lláh sê vir ons dat ons die voordele van die see van Sy Openbaring sal ontvang in verhouding tot die pogings wat ons aanwend.
   a. Noem voorbeelde van pogings wat ons aanwend, wat ons die ontvangers van hierdie voordele maak:
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________

   b. Noem voorbeelde van voordele wat ons ontvang:
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________

**AFDELING 3**

Noudat ons weet dat Bahá'u'lláh se Openbaring soos 'n diep oseaan is, waarin daar pêrels van onskatbare waarde lê, wend ons elkeen uiterste pogings aan om deel te hê aan die voordele daarvan, en om ander te help tot by sy oewers. Maar hoe ver, kan ons onsself afvra, is die oewers van hierdie oseaan van ons af? Bahá'u'lláh verklaar:

**"O My dienaars! Die een ware God is My getuie! Hierdie allergrootste, hierdie peillose en golwende Oseaan is naby, verbasend naby, aan jou. Kyk, dit is nader aan jou as jou lewensaar! So vinnig soos 'n oogwink kan jy, as jy dit maar net wil, hierdie onverganklike guns bereik en deel hê aan hierdie Godgegewe genade, hierdie onverganklike gawe, hierdie kragtigste en onuitspreeklik glorieryke oorvloed."[8]**

1. Waarna verwys die frase "Hierdie allergrootste, hierdie peillose en golwende Oseaan?

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

2. Hoe naby is hierdie oseaan aan ons?

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

3. Hoe vinnig kan ons hierdie oseaan bereik?

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

4. Voltooi die volgende sinne:

   a. Hierdie allergrootste oseaan van of Bahá'u'lláh se genade is naby, ________________________________________ aan ons.
   b. Die oseaan van of Bahá'u'lláh se genade is nader ________________ ____________________________________ as jou lewensaar.
   c. So vinnig soos 'n ________________ kan jy, as jy dit maar net wil, _____________________________________________ en ______________________________ van die oseaan van Sy Genade.
   d. So vinnig soos 'n oogwink kan ons, ______________________________ ___________________________________________________ , hierdie guns bereik en deel hê aan die oseaan van Sy Openbaring.

[8] *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh*, CLIII, par. 5, p. 370.

## AFDELING 4

Nadat ons die kus van die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring bereik het, put ons uit sy skatte, en deel vryelik en onvoorwaardelik met ander, die pêrels van goddelike leiding, wat ons voortdurend ontdek in ons eie studie, gebed en meditasie en in ons pogings om Sy Saak en die mensdom te dien. Jy wil dalk tyd neem om die volgende gedeelte te memoriseer; 'n konstante herinnering aan die heiligheid van hierdie plig:

**"O reisiger op die pad van God! Neem jou deel van die oseaan van Sy genade, en ontneem jou nie van die dinge wat in sy dieptes verborge lê nie. Wees jy van dié wat deelneem aan sy skatte. 'n Doudruppel uit hierdie oseaan sou, as dit op alles wat in die hemele en op die aarde is, uitgestort word, voldoende wees om hulle te verryk met die oorvloed van God, die Almagtige, die Alwetende, die Alwyse. Put met die hande van verloëning uit sy lewegewende waters en besprinkel daarmee alle geskape dinge, sodat hulle gereinig kan word van alle mensgemaakte beperkings en die magtige setel van God kan nader, hierdie gewyde en glansryke Plek."**[9]

## AFDELING 5

Soos ons deur die instituutkursusse vorder, en die studie en optrede uitvoer wat hulle vereis, sal ons diensvermoë groei, en ons sal in staat wees om dade van diens te verrig, wat ontsaglike vreugde in ons harte bring en ons help om ons tweeledige doel te bereik - soos om klasse vir die geestelike opvoeding van kinders te onderrig, junior jeug by 'n program vir hul geestelike bemagtiging te betrek, en om 'n groep vriende te help om die boeke van die hoofreeks te bestudeer. Regdeur hierdie reis sal die Woord van God, wat ons met ander, jonk en oud sal deel, ons konstante bron van inspirasie wees. Dit is dus net gepas dat ons dikwels oor die krag en die effek daarvan op die menslike hart peins. In die volgende aanhaling praat Bahá'u'lláh van hierdie krag:

**"Die Woord van God kan vergelyk word met 'n boompie waarvan die wortels in die harte van mense ingeplant is. Dit is jou plig om sy groei te bevorder deur die lewende waters van wysheid, van gewyde en heilige woorde, sodat sy wortels stewig vasgeanker kan word en sy takke so hoog soos die hemele en verder kan uitsprei."**[10]

1. Waarmee kan die Woord van God vergelyk word?
 ______________________________________________________________
 ______________________________________________________________
 ______________________________________________________________

[9] Ibid., CXXIX, par. 1, p. 316.
[10] Ibid., XLIII, par. 9, p. 109.

2. Waar is die wortels van die boom van die Woord van God geplant?
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________

3. Hoe kan ons die groei van hierdie boom aanhelp?
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________

4. Hoe hoog kan hierdie boom groei?
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________

5. Verduidelik in 'n paar sinne waarom dit van die uiterste belang is om die Woord van God met ander te deel.
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________

## AFDELING 6

Kom ons dink aan die verskillende aktiwiteite wat ons in ons daaglikse lewe besig hou. Ons voed ons liggame. Ons studeer om nuwe kennis te bekom en om ons verstandelike potensiaal uit te brei. Ons werk en ontwikkel vaardighede wat ons in staat stel om produktiewe lede van die samelewing te wees. Ons is betrokke by sport en ontspanning. Talle aktiwiteite soos hierdie, almal belangrik vir ons intellektuele vooruitgang en materiële welstand, neem 'n groot deel van ons tyd in beslag. Maar dan is daar elke dag daardie spesiale oomblikke, wat gelaai is met spiritualiteit, soos wanneer ons besig is met gebed; of wanneer ons, alleen of saam met vriende, ons kennis van goddelike leringe verbreed; of as ons, op enige van 'n magdom maniere, diegene rondom ons help om die pêrels te ontdek, wat in die oseaan van Bahá'u'lláh se Openbaring versteek is. Is hierdie oomblikke nie uitermate kosbaar nie? Is daar enige groter vreugde as om in hierdie hemelse seëninge te kan deel?

Ons moet altyd in gedagte hou hoe 'Abdu'l-Bahá ons aangemoedig het om onsself toe te wy aan die opheffing van die mensdom:

**"Ons is almal verenig in een Goddelike doel, geen materiële motief is ons s'n nie, en ons kosbaarste wens is om die Liefde van God oor die hele wêreld te versprei!"**[11]

[11] From a talk given on 19 November 1911, published in *Paris Talks*: *Addresses Given by 'Abdu'l-Bahá in 1911* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2006, 2016 printing), no. 32.2, p. 121.

Gestel die geleentheid ontstaan vir jou om een van die aanhalings uit Afdeling 1 wat jy gememoriseer het met 'n vriend te deel. Waar kom die vreugde wat jy in jou hart voel vandaan? Natuurlik hoop jy dat jou vriend opgehef sal word deur die woorde van Bahá'u'lláh. Maar gestel hy of sy toon nie die entoesiasme wat jy verwag het nie? Verdwyn die vreugde in jou hart eenvoudig? Hoekom nie?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

**AFDELING 7**

Wanneer ons besef dat, van al die dinge wat ons in ons lewens doen, die oomblikke wat ons spandeer om die Woord van God met ander te deel, belaai is met spesiale seëninge, dan kom ons tot 'n uiters belangrike gevolgtrekking: dat die vreugde wat ons uit diens put, in die daad self geleë is. Ons hoop natuurlik dat die diensdade wat ons verrig, waardige resultate sal oplewer, maar as ons te geheg is aan die resultate, of as ons oormatig geraak word deur lof of kritiek, sal ons die vreugde van onderrig verloor. Dit wat ons moet inspireer om te dien, is die liefde van God, nie die begeerte om sukses te hê, om voordele te ontvang of om erkenning te kry nie. Losmaking van al hierdie dinge is 'n vereiste vir vreugdevolle diens. Die bestudering van die volgende aanhalings sal jou help om hieroor na te dink:

**"O Man van twee visioene! Maak een oog toe en maak die ander oop. Sluit die een vir die wêreld en alles wat daarin is, en maak die ander oop vir die gewyde prag van die Geliefde."[12]**

**"O vriende! Moenie die ewige skoonheid laat vaar vir 'n skoonheid wat moet sterf nie, en rig nie jou hartstogte op hierdie sterflike wêreld van stof nie."[13]**

**"O Seun van Uiting! Draai jou aangesig na Myne en verloën alles behalwe My; want my oppermag duur en my heerskappy vergaan nie. As jy 'n ander soek benewens My, ja, as jy die heelal vir ewig deursoek, sal jou soektog tevergeefs wees."[14]**

**"O bevriende vreemdeling! Die kers van jou hart word aangesteek deur die hand van My krag, blus dit nie met die teenstrydige winde van self en hartstog nie. Die geneser van al jou kwale is herinnering aan My, vergeet dit nie. Maak My liefde jou skat en koester dit, soos jou sig en jou lewe."[15]**

[12] *The Hidden Words*, Persian no. 12, p. 26.
[13] Ibid., Persian no. 14, p. 26.
[14] Ibid., Arabic no. 15, p. 7.
[15] Ibid., Persian no. 32, p. 33.

**"Losmaking is soos die son; in watter hart dit ook al skyn, blus dit die vuur van hebsug en ego. Hy, wie se sig verlig word met die lig van verstand, sal hom verseker losmaak van die wêreld en die leegheid daarvan. . . . Moenie dat die wêreld en sy slegtheid julle nie bedroef nie. Gelukkig is hy, vir wie rykdom nie vul met ydele heerlikheid, en armoede nie met droefheid nie."**[16]

1. Beteken losmaking van hierdie wêreld, om soos 'n kluisenaar te leef?

   ________________________________________________________

2. Is dit moontlik om losgemaak te word van hierdie wêreld en terselfdertyd dinge te besit?

   ________________________________________________________

3. Is 'n persoon wat feitlik elke uur van die lewe aan sy of haar werk wy, los van die dinge van hierdie wêreld?

   ________________________________________________________

4. Is 'n persoon wat net genoeg werk om sy of haar basiese behoeftes te bevredig en die res van die tyd deurbring deur niks te doen nie, los van hierdie wêreld?

   ________________________________________________________

5. Is iemand wat nie materiële ongemak tydens dienslewering kan verduur nie, losgemaak van die wêreld?

   ________________________________________________________

6. Daar is baie dinge waaraan ons geheg kan wees, benewens materiële besittings. Waaraan sou jy geheg wees as jy 'n persoon was wat
   a. wil moed opgee wanneer hy of sy 'n diensdaad verrig en niemand erken dit nie? ____________________________________________
   b. gedemoraliseer voel wanneer iemand nie die idees wat hy of sy deel, aanvaar nie?

      __________________________________________________
   c. sy of haar oortuigings verberg uit vrees vir verwerping deur ander?

      __________________________________________________

7. Losmaking impliseer nie afsydigheid of gebrek aan omgee nie. Watter van die volgende kan 'n teken wees dat 'n mens nie losgemaak is nie?
   a. Om vreugde daaruit te put om ander se vordering te sien
   b. Om op te hou klasgee wanneer 'n paar kinders hulle wangedra
   c. Om te spog met jou prestasies
   d. Om hard te studeer en tevrede te voel met jou vordering
   e. Om hard te werk om jou vermoë te ontwikkel sodat almal kan baat
   f. Om te streef na uitnemendheid in jou beroep

[16] Bahá'u'lláh, in *The Bahá'í World: Volume One, 1925–1926* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1926, 1980 printing), p. 42.

g. Om sindelikheid te beoefen en jou huis skoon en netjiese te hou
h. Om na jou besittings om te sien
i. Om na ander se welstand om te sien
j. Om moedeloos te wees as jy nie vir jou pogings geprys word nie

8. Losmaking is só belangrik vir elkeen van ons, dat jy aangeraai word om al die aanhalings in Afdeling 7 te memoriseer.

**AFDELING 8**

Om die oorvloed van 'n vreugdevolle lewe van diens aan die mensdom te ontvang, moet ons bereid wees om moeite te doen, en ons pogings kan 'n mate van opoffering verg. Ons gebruik die woord "opoffer" dikwels in ons daaglikse lewens. As 'n vriendin terugkeer van 'n reis teen dagbreek, sal ons vroeg wakker word om haar op te laai. Ons sal kan sê dat ons 'n paar uur se slaap opgeoffer het. Iemand wat vir ons dierbaar is, word siek; ons laat vaar 'n paar uur van ons gunsteling tydverdryf om vir hom te sorg. Daar is geleenthede in die lewe wanneer ons uiters hard moet werk, en ons dink dalk ons offer gerief op om 'n doelwit te bereik.

Ons het almal die grootste begeerte om die Saak te dien, en bied ruimhartig ons tyd en energie en, sover moontlik, 'n deel van ons materiële hulpbronne. Wanneer ons dit doen, moet ons onthou dat, op die pad van diens, ons dinge van hierdie wêreld mag prysgee, maar wat ons ontvang, is ware vreugde soos ons geestelik groei. Ons sal die geleentheid kry om meer te besin oor die aard van opoffering, in toekomstige kursusse. Dit is belangrik om uit die staanspoor te erken, dat afstand gedoen word van dit wat laer is, ten gunste van die hoëre, net soos die saad homself opoffer sodat 'n boom gebore kan word. Opoffering is die draer van vreugde, en hierdie vreugde sal ons nie toekom nie, tensy ons bereid is om volgehoue pogings aan te wend.

Bahá'u'lláh verklaar:

**"Arbeid is nodig, as ons Hom wil soek; ywer is nodig, as ons die nektar van hereniging met Hom wil drink; en as ons van hierdie beker proe, sal ons die wêreld wegwerp."**[17]

En 'Abdu'l-Bahá raai ons aan:

**". . . moenie rus nie, soek geen selfbeheer nie, heg julle nie aan die weelde van hierdie kortstondige wêreld nie, bevry julle van elke gehegtheid, en streef met hart en siel om ten volle gevestig te word in die Koninkryk van God. Verwerf die**

[17] *The Call of the Divine Beloved: Selected Mystical Works of Bahá'u'lláh* (Haifa: Bahá'í World Centre, 2018), no. 2.12, p. 17.

**hemelse skatte. Dag na dag word julle meer verlig. Tree nader en nader aan die drumpel van enigheid."**[18]

Ons glo almal dat ons moeite moet doen om ons doelwitte te bereik. Maar hierdie eenvoudige gedagte het sekere praktiese implikasies wat ons nie moet vergeet nie. Dit is byvoorbeeld nodig om te onthou dat daar 'n verband is tussen die hoeveelheid energie wat benodig word en die moeilikheidsgraad van die doel of taak op hande. Ons mislei onsself as ons dink dit kan met minder bereik word. Maar die graad van inspanning is nie die enigste faktor wat in ag geneem moet word nie. Konsekwentheid en deursettingsvermoë word benodig. Fokus word vereis. Die gewoonte om take te voltooi, nie van die een na die ander te spring en werk ongedaan te laat nie, is noodsaaklik. Halfhartige pogings werp nie vrugte af nie. Stel jou 'n weeklikse klas voor, vir die geestelike opvoeding van kinders. Die onderwyser moet 'n sekere aantal ure afstaan om vir elke klas voor te berei, hy moet deurentyd totaal gefokus bly om die studente te help om die inhoud van die les te verstaan, gereelde besoeke aan die ouers van die jongmense aflê en hul individuele vordering week na week volg. Wat is die lot van 'n klas wie se onderwyser net af en toe voorberei, die sessie vroeg tot 'n skielike einde bring as hy moeg is, en versuim om die nodige tyd te bestee om oor elke kind te dink en sy of haar vordering met die ouers te bespreek? En gestel die klas word eenvoudig gekanselleer wanneer die onderwyser die een of ander verpligting wil nakom, byvoorbeeld om saam met 'n vriend te wees wat van elders af kuier?

Hierdie paar opmerkings is om ons te oortuig, dat ons aandag moet gee aan beide die hoeveelheid en die kwaliteit van die moeite wat elke poging wat ons aanpak vereis. Dit geld nie net vir die diensoptrede waarby ons betrokke raak nie; dit geld eweneens vir ons eie ontwikkeling. Selfs die geestelike gebruike wat ons in Boek I oorweeg het – om gereeld te bid, om elke dag die Geskrifte te lees, om te dink oor hoe om ons lewens in ooreenstemming met die leringe te bring, om heelhartig aan gewyde byeenkomste deel te neem – is afhanklik van volgehoue inspanning. Hieronder is 'n aantal stellings in verband met inspanning. Om te besluit watter daarvan waar is, sal jou help om verder oor hierdie saak te besin:

a. As jy slim is, hoef jy nie hard te werk nie.
b. Hoekom die lang pad vat; soek altyd 'n kortpad.
c. Geen pyn; geen wins.
d. Droom groot; jou wense sal waar word.
e. Hoe groter die prys, hoe groter die strewe.
f. Hoe groter die moeite, hoe soeter die beloning.
g. As jy nie aanvanklik slaag nie, probeer, probeer weer.
h. Hoekom werk, as jy ander kan kry om dit vir jou te doen?
i. As dit te veel moeite verg, is dit nie bedoel om te wees nie.
j. Klein stappe - gereeld en volgehoue - kan 'n lang pad gaan.
k. Niks wat die moeite werd is om te hê, kom maklik nie.

[18] *Tablets of the Divine Plan: Revealed by 'Abdu'l-Bahá to the North American Bahá'ís* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1993, 2006 printing), no. 13.6, pp. 95–96.

l. Uitnemendheid vereis heelhartige toewyding.
m. Die reis van 'n duisend myl begin met 'n enkele stap.
n. Om bloot klaar te kry is nie goed genoeg nie.
o. Ons moenie wag dat dinge gebeur nie; ons moet dit laat gebeur.
p. Sukses is 'n kwessie van geluk.
q. Ons sal nie ons tweeledige doel vanself bereik nie.
r. Ons moet onsself elke dag tot verantwoording bring.

Ons stap die pad van diens, streef daarna om ons eie geestelike en intellektuele groei te bereik, en om by te dra tot die transformasie van die samelewing. Dit is duidelik dat die strewe na hierdie tweeledige doel baie inspanning van ons kant verg.

Bahá'u'lláh sê vir ons:

**"Die onvergelyklike Skepper het alle mense uit een selfde bron geskape en het hul realiteit bo die res van Sy skepsele verhef. Sukses of mislukking, wins of verlies, moet dus afhang van die mens se eie harde werk. Hoe meer hy streef, hoe groter sal sy vooruitgang wees."**[19]

Jy sal dalk die bogenoemde gedeelte wil memoriseer as jy dit nog nie gedoen het nie.

## AFDELING 9

Om vreugde uit diens te kan put, moet ons sekere gesindhede in onsself koester. Ons moet byvoorbeeld dankbaar wees vir die oorvloed van diens wat God aan ons toegedeel het; dit is ondenkbaar om te dink dat ons God 'n guns bewys wanneer ons Sy Saak dien. Ons moet ook leer om pessimisme te vermy en die lewe met 'n optimistiese wêreldbeskouing te benader. Hindernisse op die pad van diens kan omskep word in geleenthede vir verdere vordering. Selfs te midde van moeilikhede kyk ons met geloofsoë na die toekoms. Die volgende woorde van 'Abdu'lBahá dui op die hoop en optimisme wat ons pogings moet kenmerk:

**"In die begin, hoe klein is die saad, maar uiteindelik is dit 'n magtige boom. Moenie na die saad kyk nie; kyk na die boom en sy bloeisels en sy blare en sy vrugte."**[20]

**"Weet dan die lewens-essensie van hierdie klein saadjie, wat die ware Eggenoot, met die hande van Sy barmhartigheid, in die geploegde lande van die Here gesaai en natgemaak het met die reën van gawes en oorvloede, en nou in die hitte en lig van die Dagster van Waarheid, gevoed word."**[21]

---

[19] *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh*, XXXIV, par. 8, p. 91.
[20] *Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2010, 2015 printing), no. 40.3, pp. 118–19.
[21] Ibid., no. 40.3, p. 119.

**"Wanneer jy 'n boom sien groei en ontwikkel, wees hoopvol oor die uitkoms daarvan. Dit sal uiteindelik blom en vrugte dra. As jy droë hout of ou bome sien, is daar hoegenaamd geen hoop op vrugte nie."[22]**

**"Daarom moet die geliefdes van God, moeisaam, met die waters van hulle strewe, hierdie boom van hoop versorg en voed en koester."[23]**

**"As die hart wegdraai van die seëninge wat God bied, hoe kan dit hoop op geluk? As dit nie sy hoop en vertroue op God se Genade stel nie, waar kan dit rus vind?"[24]**

Om oor die bogenoemde gedeeltes na te dink, voltooi die volgende sinne:

1. In die begin, hoe klein is die saad, maar uiteindelik
   ________________________________________________
2. Ons moenie na die klein saadjie kyk nie, maar na sy
   ________________________________________________
   ________________________________________________
3. Ons moet dus die belangrikheid erken, van die klein saadjie wat God gesaai het, met die hande van Sy barmhartigheid,
   ________________________________________________
   ________________________________________________
   ________________________________________________
   ________________________________________________
   ________________________________________________
4. Wanneer jy 'n boom sien groei en ontwikkel, wees hoopvol oor
   ________________________________________________
5. Wanneer jy 'n boom sien groei en ontwikkel, wees hoopvol dat dit uiteindelik sal
   ________________________________________________
6. Met die waters van ons strewe, moet ons
   ________________________________________________
   ________________________________________________

[22] From a talk given on 11 May 1912, published in *The Promulgation of Universal Peace: Talks Delivered by 'Abdu'l-Bahá during His Visit to the United States and Canada in 1912* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2012), par. 2, p. 153.
[23] *Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá*, no. 206.13, pp. 356–57.
[24] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 21 November 1911, published in *Paris Talks*, no. 34.8, p. 133.

7. As die hart wegdraai van die seëninge wat God bied,
_______________________________________________________________
_____________________________________________________________ ?


8. **A**s die hart nie sy hoop en vertroue op God se Genade stel nie,
_______________________________________________________________
_____________________________________________________________ ?

Dink nou vir 'n oomblik na: Stem jy saam dat ons vreugdevolle en hoopvolle gees, gekombineer met 'n lyftaal van nederige dankbaarheid, 'n bron van vreugde vir ander is? En laat ons altyd in gedagte hou dat, wanneer ons opstaan om die Saak te dien, ons die blye boodskap oordra van die aanbreek van 'n nuwe Dag, die Dag van die insameling van die mensdom. Mag die woorde van Bahá'u'lláh in ons harte weerklink:

**"Gelukkig is hulle wat optree; gelukkig is diegene wat verstaan; gelukkig die man wat aan die waarheid vasgeklou het, losgemaak van alles wat in die hemele is, en alles op aarde."**[25]

[25] Bahá'u'lláh, *Epistle to the Son of the Wolf* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1988, 2016 printing), p. 139.

Opstaan om te Dien
Ruhi Instituut Boek 2



# Deel II: Opbouende Gesprekke

Doel
Om die vermoë te ontwikkel om geestelike beginsels in 'n gesprek bekend te stel

**AFDELING 1**

In Deel 1 van hierdie boek het ons gepraat van die onmeetlike vreugde wat ons daaruit put, om die Woord van God met ander te deel. Soos ons die pad van diens bewandel, kom talle geleenthede na vore, om die insigte wat ons uit Bahá'u'lláh se Openbaring verkry, met vriende en kennisse te bespreek. Van die mees noodsaaklike vermoëns wat ons almal moet ontwikkel, is dus dié wat ons in staat stel om by te dra tot betekenisvolle en opbouende gesprekvoering. Die doel van Deel 2 en wat daarop volg, is om jou hiermee by te staan. Hier sal jy dink oor hoe om die vlak van gesprekvoering te verhef, deur na geestelike beginsels te verwys, wanneer die geleentheid hom voordoen. In hierdie deel gaan jy nadink oor hoe om 'n reeks gesprekke oor sekere temas te inisieer en vol te hou, as deel van 'n sistematiese poging om 'n lewendige gemeenskap in jou dorpie of buurt op te bou.

Wat ons in die volgende afdelings gaan doen, is om te kyk na 'n aantal stellings oor verskeie onderwerpe, wat nie noodwendig presiese aanhalings bevat nie. Tóg is alles gebaseer op toesprake en Tablette van 'Abdu'l-Bahá, met baie sinsnedes wat Hy gebruik het. Jy moet elke stelling verskeie kere lees, die volgorde van idees identifiseer en dit een-vir-een vir mekaar hardop sê, totdat jy dit natuurlik kan uitdruk. Hierdie oefening sal jou help voorberei om met gemak te praat wanneer jy dit gepas vind, om die leerstellings van die Geloof in te span om tot 'n gesprek by te dra.

Jy sal uiteraard in hierdie deel voortgaan om gedeeltes uit die Geskrifte te memoriseer, want hulle het 'n spesiale krag wat die menslike hart binnedring. Dit sal, wanneer dit in jou gesprek verweef word, 'n deurdringende uitwerking op die luisteraar hê. Tog verg dit wysheid om in 'n gesprek uit die Geskrifte aan te haal. Wat 'n mens nodig het, is 'n matige balans tussen direkte aanhalings uit die Geskrifte, en die gebruik

van jou eie woorde, om die leerstellings van die Geloof te verduidelik. Om hierdie balans te bereik, moet jy baie tyd en energie bestee aan die bestudering van die Geskrifte en hulle toelaat om jou gedagtes en gevoelens te rig.

## AFDELING 2

Die eerste stelling wat jy gevra word om te bestudeer, handel oor die mensdom se behoefte aan 'n Opvoeder.

Wanneer ons die bestaan beskou, sien ons dat mineraal-, groente-, diere- en menseryke, almal, 'n opvoeder nodig het. 'n Tuin het 'n tuinier nodig. Om 'n oorvloedige oes te lewer, het die land 'n boer nodig. As 'n man alleen in die woestyn bly, sal hy die weë van 'n dier aanneem. As hy opgevoed is, kan hy die grootste prestasies bereik. As dit nie vir opvoeders was nie, sou daar geen beskawing gewees het nie.

Daar is drie soorte opvoeding: materieel, menslik en geestelik. *Materiële* opvoeding gaan oor die ontwikkeling van die liggaam. *Menslike* opvoeding gaan oor beskawing en vooruitgang. Dit handel oor bestuur, sosiale orde, menslike welsyn, handel en nywerheid, kuns en wetenskap, vêrreikende ontdekkings en groot ondernemings. *Geestelike* opvoeding omvat die verkryging van goddelike volmaakthede. Dit is ware opvoeding, want met behulp daarvan word die geestelike aard, die hoër natuur, van die mens ontwikkel.

Om te kan vorder, het die mensdom 'n opvoeder met duidelike gesag nodig, soos oor materiële, menslike en geestelike sake. As iemand sou sê: "Ek is bedeeld met groot intelligensie, en ek het geen behoefte aan so 'n opvoeder nie," sal hy die vanselfsprekende ontken. Dit sal wees soos 'n kind wat sê: "Ek het geen behoefte aan onderwys nie; Ek sal volgens my eie goeddunke en intelligensie optree en self uitnemendheid bereik."

Die mensdom het nog altyd so 'n volmaakte opvoeder nodig gehad; een wat hom kan help om kwessies oor liggaamlike gesondheid en voeding te reguleer, hom kan inspireer tot vordering in kennis, uitvinding en ontdekking, en bowenal, die asem van die lewe van die gees in hom kan blaas. Geen gewone mens is in staat om hierdie formidabele take te volbring nie. Slegs die Manifestasies van God het die mag om dit deur te voer. Hulle is uitverkore Siele wat van tyd tot tyd deur God gestuur word, om die universele Opvoeders van die mensdom te wees.

1. Lees die stelling hierbo verskeie kere in julle groep en help mekaar om die inhoud daarvan goed te begryp. Julle moet mekaar vrae vra wat verband hou met die idees wat aangebied is, en oefen dan om dit natuurlik en met gemak uit te druk.

2. Bespreek vervolgens in jou groep hoe die idees waaroor jy hier geleer praat het, in 'n gesprek bekendgestel kan word. Dit is duidelik dat jy nie skielik vir jou

vriende gaan sê dat daar drie soorte onderwys is nie. Dit is dus die moeite werd om na te dink oor die tipe interaksies waarin bogenoemde idees relevant sal blyk. Miskien is die kwessie onder bespreking die morele agteruitgang van die samelewing, of hoe om te werk vir die verbetering van die wêreld. Dink na oor die uiteenlopende gesprekke waarin jy met vriende, familielede en kennisse betrokke raak. Onder die kwessies wat hul gedagtes besig hou, is daar enige wat hulle sal leen tot 'n bespreking rondom die idees in hierdie stelling?

3. Vrae ontstaan dikwels in gesprekke oor onderwerpe soos die een wat jy pas bestudeer het. Wat sal jy antwoord as iemand vra: "Wie is sommige van hierdie Opvoeders van wie jy praat?"

4. Hieronder volg 'n paar aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh oor die mensdom se behoefte aan 'n Opvoeder. Besin daaroor en memoriseer ten minste een daarvan. Sodoende sal jy gedeeltes uit die Geskrifte in jou gesprek kan verweef wanneer dit toepaslik is.

**"Alle mense is geskape om 'n voortdurend vooruitstrewende beskawing voort te sit."**[26]

**"Die doel van die een ware God, verhewe sy heerlikheid, om Homself aan mense te openbaar, is om daardie edelstene bloot te lê, wat verborge is in die myn van hul eie ware innerlike."**[27]

**"God se doel met die stuur van Sy Profete na mense is tweeledig. Die eerste is om die mensekinders te bevry van die duisternis van onkunde, en hulle na die lig van ware begrip te lei. Die tweede is om die vrede en rustigheid van die mensdom te verseker, en om al die middele te voorsien waardeur dit gevestig kan word."**[28]

**"Mense het te alle tye en onder alle omstandighede iemand nodig om hulle te vermaan, te lei, te leer en te onderrig."**[29]

[26] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 printing), CIX, par. 2, p. 243.
[27] Ibid., CXXXII, par. 1, p. 325.
[28] Ibid., XXXIV, par. 5, p. 89
[29] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1988, 2005 printing), no. 11.1, p. 161.

## AFDELING 3

Die volgende paragrawe beskryf hoe God slegs deur Sy Manifestasies geken kan word en dit sal vir jou nuttig wees wanneer jy met vriende gesels:

Beskou die oneindige heelal. Is dit moontlik dat dit sonder 'n Skepper geskep kon word? Of dat die werklikheid van die Skepper ooit begryp kon word deur dit wat Hy geskep het? As ons die hele skepping waarneem, sien ons dat wat ook al laer is, nie die krag van dit wat hoër is kan begryp nie. So die klip en die boom, hoe baie hulle ook al mag ontwikkel, kan nooit die kragte van sig en gehoor voorstel nie. Die dier kan ook nooit die werklikheid van die mens begryp en bewus word van die kragte van die menslike gees nie. Hoe kan ons dus, die geskapenes, die werklikheid van ons Skepper verstaan?

Alhoewel ons begrip nooit tot God kan reik nie, word ons nie verhoed om Hom te ken nie. Van tyd tot tyd verskyn daar 'n spesiale Wese op aarde wat die Manifestasie van God is. Al die volmaaktheid, oorvloed en prag wat aan God behoort, is sigbaar in hierdie Heilige Manifestasies, soos die strale van die son in 'n helder, gepoleerde spieël. Om te sê dat die spieël die son weerkaats, beteken nie dat die son van sy hoogtes af neergedaal het en in die spieël opgeneem is nie. Net so daal God nie uit die hemel van heiligheid na hierdie bestaansvlak nie. Die bedoeling is dit: Alles wat die mensdom van die name, eienskappe en volmaakthede van God weet, leer en verstaan, verwys na Sy Heilige Manifestasies.

1. Nadat jy hierdie stelling verskeie kere in jou groep gelees het en wedersyds vrae daaroor beantwoord het, moet jy oefen om die idees met redelike gemak te sê.

2. Bespreek nou in jou groep hoe jy die idees wat jy hier geleer het, spontaan in 'n gesprek kan inwerk. Dit kan byvoorbeeld maklik gedoen word in 'n gesprek oor die bestaan van God of die doel van die lewe. Noem 'n paar ander onderwerpe en vrae, wat in gesprekke tussen jou familie en vriende geopper word, wat jou die moontlikheid sal bied om hierdie idees te deel?

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

3. Veronderstel dat jy in 'n gesprek met jou vriende 'n geleentheid het om die idees wat jy so pas bestudeer het, bekend te stel. Hoe sal jy antwoord as een van hulle jou die volgende vraag vra:
   "Wat is sommige van die dinge wat ons van God weet deur Sy Manifestasies?"

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

4. Jy wil dalk een of meer van die volgende gedeeltes uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh memoriseer sodat jy dit kan aanhaal wanneer jy met vriende oor hierdie onderwerp praat:

**"Die kennis van Hom, wat die Oorsprong van alle dinge is, en toetrede tot Hom, is onmoontlik behalwe deur kennis van, en toetrede tot, hierdie verligte Wesens wat uitgaan vanaf die Son van Waarheid."**[30]

**"Die Persoon van die Manifestasie was nog altyd die verteenwoordiger en spreekbuis van God. Hy is waarlik die Dagfontein van God se voortreflikste Titels, en die Aanbreek-Plek van Sy verhewe Eienskappe."**[31]

**"Wees ook verder verseker dat die werke en dade van elkeen van hierdie Manifestasies van God, ja wat ook al op hulle betrekking het, en wat hulle ook al in die toekoms mag openbaar, alles deur God verordineer is en 'n weerspieëling is van Sy Wil en Doel."**[32]

## AFDELING 4

Die eenheid van godsdiens is 'n onderwerp van belang vir baie. Die volgende idees sal jou in talle situasies van hulp wees:

Ons moet liefhebbers van lig wees, ongeag die lamp waaruit dit skyn. Ons moet liefhebbers van die roos wees; maak nie saak in watter tuin dit blom nie. Ons moet soekers na waarheid wees, ongeag die bron waaruit dit kom. As ons aan een lamp verbind is, kan dit ons verhoed om die lig te waardeer wanneer dit in 'n ander skyn. In ons soeke na waarheid, moet ons van vooropgestelde idees ontslae raak en ons vooroordele opgee. As ons beker vol self is, is daar geen plek in vir die water van lewe nie.

Godsdiens is die lig van die wêreld. Dit rig ons wandel en open vir ons die deure van oneindige geluk. Wanneer ons die leerstellings van al die groot godsdienste ondersoek, vry van die beperkings van dogmatiese oortuigings en blinde nabootsing, kom ons tot die besef dat hulle op dieselfde fondament rus. Hulle openbaar almal die kennis van God. Hulle soek die vooruitgang van die mensdom se wêreld.

Daar is uiteraard verskille tussen die sosiale wette en regulasies wat deur elke godsdiens gepropageer word, volgens die vereistes van tyd en plek. Maar in hul wese is alle godsdienste een. Hulle kweek geloof, kennis, sekerheid, geregtigheid, vroomheid,

[30] Bahá'u'lláh, The Kitáb-i-Íqán: The Book of Certitude (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2003, 2018 printing), par. 151, p. 131.
[31] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, XXVIII, par. 2, p. 77.
[32] Ibid., XXIV, par. 1, p. 66.

bewustheid, betroubaarheid, liefde vir God en naasteliefde. Hulle leer reinheid, objektiwiteit, nederigheid, verdraagsaamheid, geduld en standvastigheid. Hierdie menslike deugde word in elke Dispensasie hernu.

Dit is 'n jammerte dat, weens vooroordele en blinde nabootsing, baie nie die onderliggende eenheid van godsdiens kan sien nie. God se leiding aan die mensdom is waarheid, en waarheid het geen verdeeldheid nie; dit is een. As ons die waarheid onafhanklik ondersoek en vooropgestelde idees tersyde stel, sal ons soeke na eenheid lei. Godsdiens moet ons verenig; dit moet onderlinge liefdesbande vestig. As dit die oorsaak van vyandskap en twis word, is die afwesigheid daarvan verkieslik.

1. Soos in die voorafgaande afdeling, moet julle die stelling hierbo verskeie kere in julle groep lees, vrae aan mekaar stel wat met die idees verband hou en oefen om dit goed uit te druk.

2. Bespreek in jou groep hoe jy te werk kan gaan om die idees wat jy bestudeer het in 'n gesprek te verweef, soos oor godsdienstige konflik, wat so dikwels in mense se gedagtes is. Maar jy kan ook tussen verskeie vriende wees, wat die belangrikheid daarvan bespreek om die waarheid te ondersoek en nie deur propaganda gemanipuleer te word nie. Dink weer terug aan jou onlangse gesprekke met vriende en bure, kollegas en kennisse. Watter kwessies in hul gedagtes sal baat by 'n bespreking rondom hierdie idees?

3. Hoe sal jy antwoord as iemand, nadat jy die idees hierbo bespreek het, jou vra, "Wat is sommige van die waarhede waaroor alle godsdienste in met mekaar ooreenstem?"

4. Jy word aangeraai om een of twee van die volgende gedeeltes uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh te memoriseer:

**"Daar kan geen twyfel bestaan dat die nasies van die wêreld, van watter ras of godsdiens ook al, hulle inspirasie uit een hemelse Bron put en die onderdane van een God is."**[33]

[33] Ibid., CXI, par. 1, p. 246.

**"Verenig met die volgelinge van alle godsdienste in 'n gees van vriendelikheid en gemeenskap."**[34]

**"Die fundamentele doel wat lewe gee aan die Geloof van God en Sy Godsdiens, is om die belange te beskerm en die eenheid van die menslike ras te bevorder. . ."**[35]

**"Die godsdiens van God is vir liefde en eenheid; moenie dit die oorsaak van vyandskap of onenigheid maak nie."**[36]

## AFDELING 5

Die verhouding tussen wetenskap en godsdiens is die volgende onderwerp wat jy gevra word om te bestudeer.

Godsdiens moet in ooreenstemming met die wetenskap wees. God het ons met insig toegerus sodat ons kan sien wat waar is. Daar word van wetenskap en godsdiens verwag om albei aan die standaarde van beredenering te voldoen. Hulle behoort dus ooreen te stem. Hulle is die twee vlerke waarop menslike intelligensie tot groot hoogtes kan sweef, die twee vlerke waarmee die mensdom kan vlieg. Een vlerk is nie voldoende nie.

Wetenskap is Godgegewe. Dit ontdek die wette van die fisiese wêreld en stel ons in staat om die beperkings wat die natuur aan ons opgelê het, te oorkom. Met behulp van wetenskaplike instrumente, sien ons dinge wat onsigbaar is vir die blote oog en kommunikeer oor groot afstande in 'n oomblik. Wetenskap verenig die hede en die verlede en dring deur tot die geheimenisse van die toekoms. Die vordering van 'n volk hang af van wetenskaplike prestasies.

Die godsdiens van God is die bevorderaar van waarheid, die ondersteuner van kennis en die beskawer van die menslike ras. Sonder godsdiens word wetenskap 'n instrument om materialisme te bevorder, wat uiteindelik tot wanhoop lei. Wanneer godsdiens teen wetenskap gekant is, word dit blote bygeloof. As godsdiens en wetenskap in harmonie saamloop, sal baie van die haat en bitterheid wat nou ellende vir die mensdom bring, tot 'n einde kom.

1. Lees soos altyd die stelling hierbo verskeie kere in julle groep, paragraaf vir paragraaf, en vra mekaar vrae totdat julle die inhoud goed genoeg geleer het, om dit natuurlik uit te druk.

2. Hoe sal jy reageer op iemand wat die volgende gesê het: "Godsdiens is iets van die verlede; wetenskap sal al die probleme van die mensdom oplos." Sal dit vir

[34] Ibid., XLIII, par. 6, p. 106.
[35] Ibid., CX, par. 1, p. 244.
[36] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 15.4, p. 220.

jou nuttig wees om te verduidelik dat godsdiens nie dieselfde as bygeloof is nie, maar dit word so sonder wetenskap, en dat wetenskap sonder godsdiens lei tot wanhoop gebore uit materialisme? Sal jy voorbeelde kan gee van hoe dit gebeur?

3. Dit word aanbeveel dat jy een of meer van die volgende gedeeltes uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh memoriseer:

**"Die eerste en belangrikste van hierdie gunste, wat die Almagtige aan die mens toegeken het, is die gawe van begrip. . . . Hierdie gawe gee die mens die krag om die waarheid in alles te onderskei, lei hom na dit wat reg is, en help hom om die geheime van die skepping te ontdek."**[37]

**"Kyk na die wêreld en dink 'n rukkie daaroor na. Dit onthul die boek van sy eie self voor jou oë en openbaar dit wat die Pen van jou Here, die Formeerder, die Alwetende, daarin geskrywe het."**[38]

**"Kennis is soos vleuels vir die mens se lewe, en 'n leer om mee te klim. Die verkryging daarvan is almal se plig."**[39]

## AFDELING 6

Die eenheid van die mensdom is 'n onderwerp wat vandag oral in die harte van mense resoneer, en baie sal dit verwelkom om die idees wat hieronder aangebied word, met jou te bespreek.

'n Tuin waarin blomme van baie kleure en geure langs mekaar groei, is 'n lus vir die oog. En al is hulle verskillend, word elke blom verfris deur dieselfde reën en ontvang die warmte van een son. Dit geld ook vir die mensdom. Dit bestaan uit baie rasse en kleure. Maar almal kom van dieselfde God, en almal het dieselfde oorsprong. Die diversiteit in die menslike familie moet 'n bron van harmonie wees, soos dit is in musiek waar verskillende note saamsmelt om 'n perfekte akkoord te vorm.

Eenheid is nodig vir bestaan. Liefde is die oorsaak van lewe. In die materiële wêreld word die elemente van alle dinge bymekaar gehou deur die wet van aantrekking. Die wet van aantrekking bring sekere elemente saam, in die vorm van 'n pragtige blom. Maar wanneer daardie aantrekkingskrag weggeneem word, sal die blom ontbind en ophou

[37] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, XCV, par. 1, pp. 219–20.
[38] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 9.13, p. 141.
[39] Ibid., no. 5.13, p. 51.

bestaan. Net so is dit met die mensdom. Aantreklikheid, harmonie en eenheid is die kragte wat die mensdom bymekaar hou.

Bahá'u'lláh het 'n ontwerp gemaak vir die vereniging van al die mense van die wêreld. Ons moet alle pogings aanwend om hulle in hierdie kring van eenheid in te trek. Wanneer ons mense ontmoet van rasse, nasionaliteite, godsdienste en opinies anders as ons eie, moet ons nie toelaat dat hierdie verskille, hindernisse tussen ons word nie. Ons moet aan hulle dink as verskillende kleure rose, wat in die pragtige tuin van die mensdom groei, en bly wees om tussen hulle te wees.

1. Nadat jy die stelling hierbo bestudeer het soos jy met die voriges gedoen het, dink aan die baie gesprekke wat rondom jou ontvou. Wat is sommige van die kwessies in mense se gedagtes wat die moontlikheid vir jou sal oopmaak om hierdie idees met hulle te deel?

---

---

---

2. 'n Gesprek oor die eenheid van die mensdom kan lei tot 'n gesprek oor die krag van eenheid in 'n mens se eie gemeenskap. Kan jy 'n paar woorde sê oor hoe elkeen van ons daartoe kan bydra?

---

---

---

3. Jy wil dalk een of meer van die volgende aanhalings memoriseer, sodat jy daarna kan verwys wanneer jy met jou vriende hieroor praat:

**"Die tabernakel van eenheid is opgerig; beskou mekaar nie as vreemdelinge nie. Julle is die vrugte van een boom en die blare van een tak."**[40]

**"Die lig van eenheid is só kragtig, dat dit die hele aarde kan verlig."**[41]

**"Rig julle aangesig na eenheid, en laat die glans van sy lig oor julle skyn. Kom bymekaar en besluit ter wille van God om alles uit te roei, wat die oorsaak van twis onder julle is."**[42]

**"Dit betaam die mens om volhardend te hou by dit wat gemeenskap, vriendelikheid en eenheid sal bevorder."**[43]

[40] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXII, par. 1, pp. 247–48.
[41] Ibid., CXXXII, par. 3, p. 326.
[42] Ibid., CXI, par. 1, p. 246.
[43] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 7.20, p. 90.

## AFDELING 7

Die volgende stelling sal jou help om by te dra tot besprekings oor die onderwerp van geregtigheid, 'n saak van groot kommer vir die meeste mense:

Verskil in aanleg van individue is fundamenteel tot menslike bestaan. Dit is dus nie vir alle mense moontlik om in elke opsig gelyk te wees nie. Tog behoort mense se sake in hul geheel, deur die beginsel van geregtigheid beheer te word. Geregtigheid moet heilig wees, en die regte van elke persoon moet beskerm word.

Geregtigheid is nie beperk nie; dit is 'n alles-omvattende kwaliteit. Dit moet in alle aspekte van die menslike lewe funksioneer. Elke enkele lid van die samelewing behoort die voordele van beskawing te geniet, want ons behoort almal tot die liggaam van die mensdom. As een lid van hierdie liggaam in angs of benoudheid verkeer, ly al die ander lede onvermydelik. Hoe kan een geteister word, terwyl die ander op hul gemak is? Vandag se samelewing kort die nodige wederkerigheid en ooreenstemming; dit word nie goed gereël nie. Wette en beginsels is nodig om die welstand en geluk van die hele familie van mense te verseker.

Geregtigheid word gebou op die pilare van beloning en straf. Regerings wat deur ongelowige mense regeer word, met geen vrees vir Goddelike vergelding nie, sal onregverdige wette deurvoer. Hoop op beloning en vrees vir straf is albei nodig as onderdrukking voorkom wil word. Wetgewers en wetstoepassers moet bewus wees van die geestelike gevolge van hul besluite. Heersers wat glo dat die gevolge van hul dade hulle verby hierdie aardse lewe sal volg, en wat weet dat hul oordele in die weegskaal van Goddelike geregtigheid geweeg sal word, sal sekerlik wreedheid en onderdrukking vermy.

1. Sodra jy geleer het om bogenoemde idees gemaklik uit te druk, oorweeg gespreksonderwerpe wat sal baat by die insigte wat die stelling bied.

2. Hoe sal jy reageer op iemand wat glo dat ongeregtigheid nooit sal eindig nie?

3. Hier volg 'n paar aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh wat verband hou met geregtigheid, wat jy aangemoedig word om te memoriseer.

**"Die lig van mense is Geregtigheid. Moenie dit blus met teenstrydige winde van onderdrukking en wreedheid nie. Die doel van geregtigheid is die verskyning van eenheid onder mense."**[44]

**"Geen ligglans kan met dié van geregtigheid vergelyk word nie. Die organisasie van die wêreld en die rustigheid van die mensdom hang daarvan af."**[45]

**"Die wêreld word opgelei deur Geregtigheid, want dit word ondersteun deur twee pilare, beloning en straf. Hierdie twee pilare is die bronne van lewe vir die wêreld."**[46]

## AFDELING 8

Die gaping tussen die rykes en armes word met elke dag groter. Die stelling hieronder sal jou help om met vriende oor hierdie en verwante onderwerpe te gesels.

Vandag, as gevolg van die gebrek aan wederkerigheid en harmonieuse verhoudings, leef sommige lede van die samelewing tevrede, met groot gemak en luukshede, terwyl ander sonder kos en skuiling is. Sommige is skatryk, terwyl ander in uiterste armoede leef.

Die wette van die samelewing moet só geformuleer en afgedwing word, dat dit nie vir enkeles moontlik is om buitensporige rykdom bymekaar te maak, terwyl ander gebrek ly nie. Dit beteken nie dat almal gelyk moet wees nie, want verskille in graad en uitset vorm deel van die skepping. Maar veragtelike oorvloed van rykdom tesame met afbrekende armoede, kan afgeskaf word. As dit reg is vir 'n kapitalis om 'n fortuin te besit, is dit ewe regverdig dat die werker voldoende bestaansmiddele moet hê. Wanneer ons uiterste armoede sien, sal ons iewers wreedheid vind.

Die essensie van die saak is dat Goddelike geregtigheid in menslike toestande manifesteer. Die grondbeginsels van die hele ekonomiese situasie is goddelik van aard, en word geassosieer met die wêreld van die hart en gees. Die rykes moet van hulle oorvloed gee; hulle moet hul harte sag maak en deernisvolle begrip aankweek. Harte moet só ineengesmelt word; liefde moet só oorheersend word, dat die rykes spontaan stappe sal doen om blywende ekonomiese aanpassings te bewerkstellig. Hulle moet self besef dat dit nie regverdig of wettig is dat hulle groot rykdom besit, terwyl daar erge armoede in die gemeenskap is nie. Sodoende sal hulle gewillig van hul rykdom gee, terwyl hulle soveel behou as wat hulle nodig het om gemaklik te lewe.

[44] Ibid., no. 6.25, pp. 66–67.
[45] Bahá'u'lláh, cited by Shoghi Effendi, The Advent of Divine Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2006, 2018 printing), par. 42, p. 41.
[46] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 3.23, p. 27.

1. Lees deur die stelling hierbo en bestudeer dit in julle groep op die gewone manier. Daar is baie kwessies in mense se gedagtes wat verband hou met rykdom en armoede - indiensneming, lone, behuising, om 'n paar te noem. Kan jy aan ander onderwerpe dink waarvan die bespreking sal baat by die idees in hierdie stelling?

---

---

---

---

2. Wat sal jy antwoord as iemand wat na die bogenoemde idees geluister het, jou die volgende vra: "Sê jy dat die rykes streng belastingwette sal verstaan en ondersteun, en hulle sal gewillig betaal wat hulle regtig moet? Wat laat jou dink dit is moontlik?"

---

---

---

Jy kan een of twee van hierdie aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh memoriseer:

**". . . julle moet goeie en wonderlike vrugte dra, sodat julle self en ander daarby kan baat. Daarom is dit elkeen se plig om ambagte en beroepe te beoefen, want daarin lê die geheim van rykdom, o manne van verstand!"**[47]

**"As julle oë op barmhartigheid gerig is, laat vaar die dinge wat vir jou voordelig is en behou dít wat tot voordeel van die mensdom sal wees. En as jou oë op die geregtigheid gerig is, kies vir jou naaste wat jy vir jouself uitkies."**[48]

**"Geseënd is hy wat sy broer bo homself verkies."**[49]

**"Geen goeie daad was of sal ooit verlore wees nie, want welwillende dade is skatte wat by God bewaar word, tot voordeel van diegene wat optree."**[50]

**". . . Pasop om nie die grense van matigheid te oorskry nie, en onder die spandabeles gereken te word nie."**[51]

---

[47] Bahá'u'lláh, The Hidden Words (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2003, 2012 printing), Persian no. 80, p. 51.
[48] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 6.19, p. 64.
[49] Ibid., no. 6.37, p. 71.
[50] Bahá'u'lláh, in Ḥuqúqu'lláh—The Right of God: A Compilation of Extracts from the Writings of Bahá'u'lláh and 'Abdu'l-Bahá and from Letters Written by and on Behalf of Shoghi Effendi and the Universal House of Justice, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2007), no. 16, p. 16.
[51] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXVIII, par. 2, p. 283.

## AFDELING 9

Hieronder is 'n paar idees wat jou sal help om aan besprekings oor die onderwerp van vooroordeel deel te neem.

Vooroordeel in al sy vorme — godsdiens, ras, geslag, etnies, ekonomies — vernietig die struktuur van die mensdom en is teen die bevele van God. Vir duisende jare het die mensdom gely onder oorlog en bloedvergieting wat deur een of meer van hierdie vooroordele ontketen is. Solank dit aanhou, sal die mensdom nie rus hê nie.

God het Sy Profete uitgestuur met die uitsluitlike doel om liefde en eenheid te skep. Al die hemelse Boeke is die geskrewe woord van liefde. As dit blyk dat hulle die oorsaak van vervreemding is, het hulle vrugteloos geword. Daarom is godsdienstige vooroordeel veral gekant teen die wil en opdrag van God.

Nasionale vooroordeel is heeltemal onregverdigbaar. Die aarde is een gebied, een land. Die lyne en grense wat nasies verdeel, is denkbeeldig; hulle is nie deur God geskape nie. Mense verklaar 'n rivier as 'n grenslyn tussen twee lande, wat elke kant 'n naam gee, terwyl die rivier vir albei geskep is en 'n natuurlike slagaar vir almal is. Is dit nie verbeelding en onkunde wat mense aanspoor, om die gawe van die lewe die oorsaak van oorlog en vernietiging te maak nie?

Rassevooroordeel is niks anders as bygeloof nie. Die kleur van die vel van 'n persoon is bloot die gevolg van aanpassings van sy of haar voorouers oor tyd, by klimaat en omgewing. Karakter is die ware maatstaf van die mensdom. Uitnemendheid hang nie van ras en kleur af nie. Dit is geloof, reinheid van hart, goeie dade en lofwaardige spraak, wat by die drumpel van God aanvaarbaar is.

Vir die langste tyd is vroue ondergeskik aan mans gemaak en verontreg. Die onderskeid tussen man en vrou is 'n vereiste van die fisiese wêreld; in die wêreld van die gees is hulle gelyk. In God se beskouing is daar geen onderskeid tussen man en vrou nie. Die hele mensdom is deur Hom toegerus met intelligensie en persepsie. Almal het die vermoë om deugde te verkry. Daar is geen omstandighede vandag waarin 'n persoon se geslag gronde bied, vir die uitoefening van diskriminasie nie.

Volgens die woorde van die Ou Testament het God gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons ewebeeld." Dit geld duidelik ook vir vroue. Die mens is na die beeld van God geskape; dit wil sê, goddelike deugde word in die menslike werklikheid weerspieël en geopenbaar. Dit is waar van die hele mensdom. Hoe totaal onaanvaarbaar is dit tog om te beweer dat slegs dié van een kleur, etnisiteit of nasionaliteit na die ewebeeld van God geskape is. Hoe absurd is dit om te impliseer dat slegs die rykes na Sy beeld gemaak is, of om te dink dat 'n maatstaf vir nabyheid aan God 'n hoë posisie in die samelewing is. Die mensdom kan nie verlig word, behalwe deur die wegdoen van vooroordele en die verkryging van die moraal van die Koninkryk nie.

1. Bestudeer hierdie stelling soos jy die voriges gedoen het en dink dan aan 'n paar uitdagings wat jou vriende en bure in gesprek geopper het, wat die uitskakeling van vooroordeel benodig.

2. Wat sal jy antwoord as iemand wat jou hieroor hoor praat, en jou vra: "Kan ons vooroordeel hê sonder om dit te weet?"

Jy mag dalk geleentheid vind om, wanneer jy hierdie idees bespreek, sommige van die volgende aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh in te sluit:

**"Die aarde is maar een land, en die mensdom sy inwoners."**[52]

**"Al die boompies in die wêreld het uit een Boom verskyn, en al die druppels uit een Oseaan, en alle wesens het hul bestaan aan een Wese te danke."**[53]

**"Daardie een is waarlik 'n man, vandag, wat hom toewy aan die diens van die hele menslike geslag."**[54]

**"Die lig van 'n goeie karakter oortref die lig van die son en die glans daarvan."**[55]

**"'n Mens se uitnemendheid lê nie in ornamente of rykdom nie, maar eerder in deugsame gedrag en ware begrip."**[56]

**"God gee dat julle onder alle omstandighede genadiglik gehelp mag word, om die afgode van bygeloof te verpletter, en om die sluiers van die verbeelding van mense weg te skeur."**[57]

**"Van alle mense is die nalatigste hy, wat ydelik twis, en homself bo sy broer probeer bevoordeel."**[58]

---

[52] Ibid., CXVII, par. 1, p. 282.
[53] Bahá'u'lláh, cited by Shoghi Effendi, The Promised Day Is Come (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1996, 2018 printing), par. 279, p. 187.
[54] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXVII, par. 1, p. 282.
[55] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 4.11, p. 36.
[56] Ibid., no. 6.3, p. 57.
[57] Ibid., no. 6.3, p. 58.
[58] The Hidden Words, Persian no. 5, pp. 23–24.

## AFDELING 10

Wanneer jy met vriende gesels, sal jy dikwels die idees in die volgende stelling oor die gelykheid van mans en vroue kan gebruik:

Die fisiese son, deur sy lig en hitte, openbaar die werklikheid van alle dinge op aarde. Die vrugte wat in 'n boom versteek is, verskyn op sy takke in reaksie op die krag van die son. Net so bring die Son van Waarheid, wat in volle glans in die geestelike lugruim skyn, werklikhede aan die lig wat nie in die verlede merkbaar was nie. Daarom is die beginsel van die gelykheid van mans en vroue in hierdie tyd ten volle erken en is dit nou 'n gevestigde feit.

Bahá'u'lláh het dit duidelik gestel dat daar in die oë van God geen onderskeid tussen mans en vroue is nie. Die situasie van ongelykheid wat deur die eeue heen bestaan het, is nie weens meerderwaardigheid van mans nie; dit is bloot omdat vroue nie dieselfde geleentheid gegee is om hul volle potensiaal te ontwikkel nie. Ten spyte van vooroordeel teen hulle, getuig die geskiedenis egter oor die lewens van talle vroue wat die grootste prestasies behaal het.

Een voorbeeld van so 'n vrou was die Persiese digteres, Ṭáhirih. Sy is in die vroeë 1800's in 'n land gebore, waar vroue totaal aan mans ondergeskik was. Sy was die eerste vrou wat die waarheid van God se nuwe Openbaring aanvaar het. Toe sy die aanbreek van 'n nuwe Dag aanskou het, het sy oortuig geraak dat die tyd aangebreek het dat die werklikheid van die gelykheid tussen mans en vroue erken moet word. Sy het haar energie daaraan gewy om hierdie waarheid te verkondig. Haar kennis en welsprekendheid het die mees geleerde mans van haar tyd verstom. Alhoewel al die magte van 'n onderdrukkende koning en onkundige en trotse geestelikes teen haar gekant was, het sy nie vir 'n oomblik gehuiwer om die waarheid te spreek nie. Sy het uiteindelik haar lewe gegee vir die Saak waarin sy so ferm geglo het.

Om te glo in dit wat God nie bedoel het nie, is onkunde en bygeloof. Vandag moet vroue elke geleentheid gegun word om opgevoed te word, en 'n posisie van gelykheid met mans in te neem, op alle terreine van menslike ondernemings. Totdat die gelykheid van mans en vroue 'n werklikheid word in hierdie wêreld, soos dit in die geestelike sfere is, sal die wesenlike vooruitgang van die mensdom nie moontlik wees nie.

1. Julle moet, soos altyd, hierdie stelling in jul groep bestudeer en oefen om die idees te sê. Is daar enige gesprekke wat jy onlangs met jou vriende gehad het, wat baat sou gevind het by die insigte wat dit bied? Wat was die kwessies onder bespreking?

2. Noem sommige van die oortuigings en houdings in die gesindhede van vandag se samelewing, wat sal moet verander as vroue 'n gelyke posisie met mans in alle aspekte van ondernemings wil inneem?

3. Hier volg 'n paar aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh wat jy dalk wil memoriseer.

**"Vroue en mans was en sal altyd gelyk wees in die oë van God."**[59]

**"Weet julle nie hoekom Ons julle almal uit dieselfde stof geskep het nie? Dat niemand homself bo die ander moet verhef nie."**[60]

**"In hierdie Dag het die Hand van goddelike genade alle verskille verwyder. Die dienaars van God en Sy diensmaagde word op dieselfde vlak beskou."**[61]

## AFDELING 11

Die finale stelling wat jy gevra word om te bestudeer, is oor die onderwerp van universele opvoeding:

Die bevordering van onderwys is 'n uiters dringende vereiste van ons tyd. Geen nasie kan welvaart bereik, tensy dit onderwys een van sy primêre oorwegings maak nie. Die hoofrede vir die agteruitgang van 'n volk is 'n gebrek aan toegang tot kennis.

Onderwys moet reeds in die kinderjare begin. Dit is die plig van 'n vader en moeder om hul uiterste bes te doen om hul kinders op te voed, hul karakters te verfyn volgens geestelike en morele wette, en om te verseker dat hulle opgelei word in die kunste en wetenskap. Moeders is die eerste opvoeders van die mensdom; hulle verpleeg hul kinders aan die bors van kennis. Elke kind moet opgevoed word; dit is nie 'n saak wat afgeskeep kan word nie. Indien die ouers in staat is om die nodige uitgawes te dek, moet hulle dit doen. Andersins moet die gemeenskap die middele vir die kind se opvoeding voorsien.

[59] Bahá'u'lláh, in Women: Extracts from the Writings of Bahá'u'lláh, 'Abdu'l-Bahá, Shoghi Effendi and the Universal House of Justice, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1986, 1997 printing), no. 54, p. 26.
[60] The Hidden Words, Arabic no. 68, p. 20.
[61] Bahá'u'lláh, in the compilation Women, no. 3, p. 3.

Onderwys moet in elke mens die begeerte ontwikkel om uitnemendheid te bereik. Ons moet behep raak met menslike volmaaktheid en dit met passie nastreef. Ons moet streef na geestelike uitnemendheid, om bekend te word vir die deugde van die mensewêreld - vir opregtheid, lojaliteit, diens aan die mensdom, liefde en geregtigheid. Ons moet probeer om onderskei te word, deur ons pogings om vrede en eenheid te bevorder en om leer aan te moedig. Om mense op so 'n pad te lei, is 'n ware opvoedingstaak.

1. Nadat jy hierdie stelling in jou groep bestudeer het, probeer om sommige van die bekommernisse wat jou vriende oor onderwys het, te identifiseer. Hoe spreek bogenoemde idees hul bekommernisse aan?

---

---

---

---

2. Hier volg 'n paar aanhalings uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh wat jy kan memoriseer.

**"Dit is nie wenslik dat 'n mens sonder kennis of vaardighede gelaat word nie, want dan is hy maar net 'n onvrugbare boom."**[62]

**"Buig julle gedagtes en wil, na die opvoeding van volkere en verwante van die aarde . . ."**[63]

**"Kuns, kunsvlyt en wetenskap verhef die wêreld van bestaan, en is bevorderlik vir die verheffing daarvan."**[64]

**"Inderwaarheid is kennis 'n ware skat vir die mens, en 'n bron van heerlikheid, van oorvloed, van vreugde, van verheffing, van applous en blydskap vir hom."**[65]

## AFDELING 12

Vrede is 'n saak in almal se gedagtes. Die vestiging daarvan is uiters dringend en noodsaaklik. Noudat jy 'n bietjie nagedink het oor die beginsels wat in die voorafgaande stellings uiteengesit is, sal jy dit dalk voordelig vind om verder te dink oor die kwessie van wêreldwye vrede.

[62] Bahá'u'lláh, in Excellence in All Things: A Compilation of Extracts from the Bahá'í Writings, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice (London: Bahá'í Publishing Trust, 1981, 1989 printing), no. 5, p. 2.
[63] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CLVI, par. 1, p. 378.
[64] Bahá'u'lláh, Epistle to the Son of the Wolf (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1988, 2016 printing), p. 26.
[65] Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas, no. 5.13, p. 52.


Baie hang natuurlik af van regerings om praktiese stappe te neem om oorlog uit te skakel. Politieke ooreenkomste om geskille te besleg en wapens te verminder, is noodsaaklik vir die strewe na vrede; so ook talle vorme van internasionale samewerking tussen nasies. Tog, hoe belangrik sulke maatreëls ook al is, sal dit nie tot blywende vrede lei as die beginsels wat vroeër bespreek is, nie regoor die wêreld gevestig word nie. Tensy mense leer om die werklikheid te ondersoek en tot die besef kom dat die waarheid één is, moet ons onsself afvra, of eeue-oue vyandighede nie sal voortduur nie? Ons het almal dieselfde oorsprong. God waak oor ons almal en lei ons almal op deur Sy Manifestasies. Hul leringe staan op dieselfde fondament van liefde en gemeenskap. Eers wanneer die eenheid van godsdiens erken word, sal godsdienstwis ophou en sal die lig van godsdiens die pad na vrede verlig. Ons moet voorts vra, of dit nie nodig is dat wetenskap en godsdiens in harmonie moet saamwerk nie, om die wolke van onkunde te verdryf en die valsheid van elke vorm van vooroordeel te demonstreer, wat elk 'n magtige versperring tot vrede is? Nog 'n vraag om te vra is of 'n vreedsame wêreld gebou kan word, as die huidige buitensporige ongelykheid tussen die rykes en die armes nie in elke uithoek van die wêreld aangespreek word nie? En nie voordat vroue toegelaat word om op gelyke voet met mans na alle sfere van menslike strewe te beweeg nie, sal die geweld wat soveel van die geskiedenis gekenmerk het, plek maak vir vrede en ware voorspoed. Opkomende geslagte moet wêreldwyd volgens sulke beginsels opgevoed word, anders sal enige hoop op vrede verpletter word.

Jy wil dalk die volgende woorde van Bahá'u'lláh memoriseer, sodat jy dit met ander kan deel wat besorg is oor die mensdom se toekoms:

**"Die welstand van die mensdom, sy vrede en veiligheid, is onbereikbaar tensy en totdat sy eenheid stewig gevestig is."**[66]

[66] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXXXI, par. 2, p. 324.

Opstaan om te Dien
Ruhi Instituut Boek 2



# Deel III: Verdiepende Temas

Doel
Om die gewoonte te ontwikkel om vriende en bure te besoek
om te gesels oor temas van geestelike betekenis

## AFDELING 1

Deel III is, soos die voorafgaande, gemoeid met die vermoëns wat ons in staat stel om in sinvolle en opbouende gesprekke te tree. Ons fokus in Deel II was op die talle geleenthede wat hulself voordoen om die vlak van gesprekvoering te verhoog, deur na geestelike beginsels te verwys. Hier verskuif die fokus na die besoeke wat ons by vriende en bure se huise aflê, om saam temas oor die kern van gemeenskapslewe te verken.

In dorpe en woonbuurte regoor die wêreld is groepe vriende intens betrokke by 'n stel onderling verwante aktiwiteite wat gereelde gewyde byeenkomste, klasse vir die geestelike opvoeding van kinders, vergaderings van junior jeug, studiekringe, jeugkampe en verskeie soorte veldtogte insluit. Soos hierdie patroon van aktiwiteit wortel skiet in 'n plek, en namate toenemende getalle hulself toewy aan diensaksie, groei die kern van vriende in grootte en krag. 'n Sistematiese program van besoeke aan al hoe meer huise in die dorp of buurt, is 'n noodsaaklike komponent van die proses van gemeenskapsbou wat nou momentum kry. 'n Verskeidenheid van temas word tydens sulke besoeke aangespreek. Die onderwyser van 'n Bahá'í-kinderklas moet byvoorbeeld gereeld 'n beroep doen op die ouers van jongmense, om opvoedingsrelevante temas te bespreek. Soortgelyke besoeke moet aan die huise van junior jeug en jeug gedoen word, deur diegene wat as animeerders en tutors dien, om onderwerpe te bespreek met betrekking tot die uitdagings en geleenthede van hierdie belowende jare in 'n mens se lewe. Gesprekke wat met die lede van 'n huishouding gevoer word, oor temas wat hul kennis van die Geloof verdiep, blyk ewe noodsaaklik. Uiteindelik kan die effek van sulke besoeke op die kultuur van vriendskap, wat in die gemeenskap ontstaan, nie oorskat word nie.

## AFDELING 2

Vir die doel van hierdie afdeling, gaan ons kyk na 'n denkbeeldige woonbuurt waarin die proses wat hierbo beskryf word, vorder. Ons sal dít gebruik as die konteks om die trant van gesprekke wat tydens 'n besoek aan 'n huis kan ontvou, te ondersoek.

Alejandra is 'n jong derdejaar universiteitstudent. Sy en een van haar broers, ook 'n student, woon saam met hul ouers in 'n denkbeeldige woonbuurt, in die huis waar hulle gebore en grootgeword het. Die vier van hulle en 'n jong egpaar wat onlangs na die woonbuurt verhuis het, vergader elke week om te bid en te konsulteer oor die vordering van aktiwiteite wat rondom hulle gevestig word, binne 'n bevolking van sowat 8 000. Drie ander neem van tyd tot tyd aan hierdie weeklikse vergaderings deel. Hulle begin sistematies dink, nie net aan hul eie diensdade nie, maar ook aan die hele gemeenskapsbouproses: 'n onderwyser van 'n kinderklas wat ses maande gelede begin het, en twee sewentienjarige jongmense wat die werk van 'n junior jeuggroep lei, met die hulp van 'n ouer broer van Alejandra, wat die animeerder van hul eie groep was toe hulle jonger was en wat gereeld sy ouers besoek.

Die eerste stel gesprekke wat ons sal ondersoek, is tussen Alejandra en die Sanchezes, 'n familie wat bekend en gerespekteer is in die buurt. Die man en vrou is in hul sestigs en, nadat hulle hul seuns en dogters grootgemaak het, woon hulle alleen 'n paar blokke van Alejandra se huis af. Mnr en mev Sanchez is geletterd, maar het nie veel formele onderrig ontvang nie. Die wydverspreide respek wat hulle geniet, is te danke aan die wysheid wat hulle opgedoen het deur ervaring in 'n lewe van vrygewigheid en suiwer dade. Hulle is al 'n geruime tyd bewus van die Bahá'í-leringe, maar het eers onlangs besluit om dit ernstig te ondersoek. 'n Week gelede het hulle aan Alejandra se ouers hul begeerte uitgespreek om by die gemeenskap aan te sluit. 'n Verwelkomings-byeenkoms is reeds beplan. Hulle het ook ooreengekom dat Alejandra hulle gereeld vir 'n paar weke sal besoek, om 'n reeks temas met hulle te deel, wat hulle sal help om hul kennis van die Geloof te verdiep. Deur die verslag van die besoeke te volg, sal jy in staat wees om hierdie temas te verken en terselfdertyd te besin oor die dinamika van gesprekke by sulke geleenthede.

## AFDELING 3

Alejandra beplan om haar eerste gesprek met mnr en mev Sanchez te baseer op die onderstaande kort verduideliking van die tema: die ewige Verbond van God.

> Die Skepper van alle dinge is God, die Een, die Onvergelykbare, die Selfonderhoudende. Bahá'u'lláh leer ons dat die wese van God vir die menslike verstand onbegryplik is, want die eindige kan nie die oneindige begryp nie. Die voorstellings wat mense van Hom maak, is blote vrugte van hul eie verbeelding.

God is nie 'n mens nie, en Hy is nie 'n blote krag wat deur die heelal versprei is nie. Die woorde wat ons noodwendig moet gebruik om na die Bron van ons totstandkoming te verwys, soos die Hemelse Vader, die Hemelse Krag, die Groot Gees, druk Sy name en eienskappe in die menslike taal uit en is totaal onvoldoende om Hom te beskryf.

In die Verborge Woorde lees ons:

**"O Seun van die Mens! Ek het jou skepping liefgehad, daarom het Ek jou geskep. Daarom, het jy My lief, dat Ek jou naam kan noem en jou siel kan vul met die gees van die lewe."**[67]

In hierdie gedeelte vertel Bahá'u'lláh vir ons dat God se liefde vir ons, die werklike rede vir ons bestaan is. Ons moet altyd bewus wees van hierdie liefde, wat ons beskerm, ons onderhou en ons met die gees van die lewe vul. In oomblikke van moeilikheid of gemak, van hartseer of vreugde, moet ons onthou dat Sy liefde ons altyd omhels.

Uit die Bahá'í-leringe leer ons dat, nadat Hy ons uit Sy liefde geskep het, God 'n Verbond met ons aangegaan het. Die woord "verbond" beteken ooreenkoms of gelofte tussen twee of meer mense. Volgens hierdie ewige Verbond laat die Almagtige Skepper ons nooit in die steek nie en maak van tyd tot tyd Sy Wil en Sy Doel aan ons bekend, deur een van Sy Manifestasies.

Die werkwoord "om te manifesteer" beteken om te openbaar, om iets te wys wat nie voorheen bekend was nie. Die Manifestasies van God is daardie spesiale Wesens wat die Woord van God aan ons openbaar. Hulle is universele Opvoeders wat ons leer hoe om in ooreenstemming met die Wil van God te lewe en hoe om ware geluk te bereik. Onder hierdie Manifestasies is Abraham, Krishna, Moses, Zoroaster, Boeddha, Christus, Mohammed en natuurlik die Báb en Bahá'u'lláh, die Tweeling Manifestasies van God vir hierdie eeu in die menslike geskiedenis.

So, in die ewige Verbond van God, is Sy deel altyd vervul. 'n Basiese vraag wat ons almal onsself moet afvra, is: "Hoe vervul ek my deel van die Verbond?" Die antwoord wat ons in alle godsdienstige geskrifte vind, is: deur die Manifestasie van God te erken en Sy leringe te gehoorsaam. Hierdie reaksie dui op die eintlike doel van ons lewens, naamlik om God te ken en te aanbid. In die Kort Verpligte Gebed verklaar ons:

**"Ek getuig, o my God, dat U my geskape het om U te ken en om U te aanbid. Ek getuig, op hierdie oomblik, van my magteloosheid en van U mag, van my armoede en van U rykdom.**

[67] Bahá'u'lláh, The Hidden Words (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2003, 2012 printing), Arabic no. 4, p. 4.

**"Daar is geen ander God behalwe U nie, die hulp in gevaar, die selfbestaande."**[68]

Aangesien dit vir ons onmoontlik is om God te ken behalwe deur Sy Manifestasies, kan ons slegs die doel van ons lewens bereik, indien ons Hulle herken en Hulle leringe volg. Vandag loop ons harte oor van dankbaarheid vir lewensoorvloed in 'n tyd wanneer die belofte wat in al die Heilige Boeke gemaak is, dat vrede en geregtigheid op aarde gevestig sal word, vervul word. Bahá'u'lláh verkondig:

**"Dit is die Dag waarop God se mees voortreflike guns oor die mense uitgestort is, die Dag waarop Sy allermagtigste genade in alle geskape dinge ingeboesem is. Dit is die plig van al die mense van die wêreld om hulle verskille te versoen, en, met volmaakte eenheid en vrede, onder die skaduwee van die Boom van Sy sorg en liefdevolle goedheid te skuil."**[69]

Voordat ons met ons storie voortgaan, moet jy die bogenoemde verduideliking lees en paragraaf vir paragraaf daaroor besin saam met die ander deelnemers van jou groep. Julle kan vrae aan mekaar vra en dit saam beantwoord, totdat elkeen van julle die idees natuurlik en met gemak kan uitdruk. Dit is veral belangrik om die aanhalings goed te leer, want dit is onontbeerlik om gedeeltes uit die Geskrifte in hierdie soort besprekings te deel. Die volgende oefeninge sal jou help om na te dink oor die idees wat in hierdie afdeling aangebied word en oor die betekenis van die aangehaalde gedeeltes:

1. Hoe sal jy aan iemand verduidelik dat God 'n onbegryplike wese is? Die eerste paragraaf in die bogenoemde behoort vir jou in hierdie opsig van hulp te wees.

2. Hoekom het God ons geskape?

3. Wat beteken die woord "verbond"?

[68] Bahá'u'lláh, in Bahá'í Prayers: A Selection of Prayers Revealed by Bahá'u'lláh, the Báb, and 'Abdu'l-Bahá (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2002, 2017 printing), p. 4.
[69] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 printing), IV, par. 1, p. 5.

4. Wat het God in Sy ewige Verbond met die mensdom belowe?

______________________________________________

______________________________________________

5. Wat is die doel van ons lewens?

______________________________________________

______________________________________________

6. As ons nooit die wese van God kan ken nie, wat beteken dit dat die doel van ons lewens is om God te ken?

______________________________________________

______________________________________________

7. Wat beteken die woord "manifesteer"?

______________________________________________

______________________________________________

8. Noem sommige van die Manifestasies van God:

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

9. Wat word van ons verwag as ons ons deel in die Verbond wil nakom?

______________________________________________

______________________________________________

10. Voltooi die volgende sinne:

a. Op hierdie dag is God se ________________________________________ oor die mensdom uitgestort.

b. Op hierdie Dag is God se ________________________________________ op alle geskape dinge uitgestort.

c. Op hierdie dag moet ons ons verskille ____________________, en, met volmaakte

eenheid en vrede, ______________________________________________________

11. Wat vra Bahá'u'lláh die mense van die wêreld om te doen?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## AFDELING 4

Die inhoud van die tema wat Alejandra beplan om met mnr en mev Sanchez te deel, is nie die enigste ding wat in haar gedagtes was nie. Sy hoop om 'n sterk vriendskapsband met die egpaar op te bou. Uit eerstehandse ondervinding ken sy die kwaadwillige gevolge van beide vooroordeel en 'n neersienende houding. Dít sal sy natuurlik vermy, want haar hoër studies het haar nederigheid nie verminder nie. Sy het slegs opregte liefde en respek in haar hart vir die Sanchezes. Terwyl sy besin oor hoe sy die eerste tema gaan verduidelik, herinner sy haarself dat dit die begin is van 'n voortdurende gesprek wat oor baie weke sal ontvou. Sy besef dat, alhoewel dit belangrik is om die volgorde van idees met duidelikheid aan te bied, sy by sekere punte moet stop om na die egpaar se reaksie te luister. "Ek moet probeer om nie senuweeagtig te wees nie," sê sy vir haarself, "want dit is wanneer ek sal aanhou praat en praat, en daar geen kans sal wees vir 'n gesprek om vorm aan te neem nie." Alejandra dink nog 'n geruime tyd hieraan, oor haar besoek. As jy in haar posisie was, watter van die volgende sou jy as gepaste gedagtes beskou om te oordink?

- Dit is my taak om die Sanchezes in die Geloof te onderrig en seker te maak hulle alles verstaan wat ek hulle leer.
- Wat 'n voorreg is dit tog om tyd saam met hierdie wonderlike egpaar te kan spandeer en gedeeltes uit die Geskrifte met hulle te deel.
- Ek weet hierdie besoek is belangrik. Tóg hoop ek dit vat nie lank nie, want ek het ander dinge om te doen.
- Die aanhalings sal vir hulle te moeilik wees. Ek moet net 'n paar eenvoudige idees noem. Dit is belangriker om vir hulle liefde te wys.
- Op hul ouderdom kan die Sanchezes nie veel leer nie.
- Ek sien uit na die besoek en om hul insigte te hoor, terwyl ons die tema bespreek en oor die aanhalings nadink.
- Hulle kan lees. Ek sal net die onderwerp inlei en die aanhalings aan hulle oorlaat om op hul eie te bestudeer.
- Wanneer ek idees aanbied, sal ek gereeld moet stilstaan, sodat ons die aanhalings saam kan bestudeer en dit bespreek.
- Ek hoop om hele tema sonder onderbreking aan te bied, en aan die einde vir hulle te vra of hulle enige vrae het.

Kan jy aan ander sentimente dink wat jy wil hê, of nie wil hê nie, in die voorbereiding vir so 'n besoek?

## AFDELING 5

Alejandra se eerste besoek aan die Sanchez-huis verloop goed. Die paartjie kom agter dat sy senuweeagtig is, en laat haar op haar gemak voel met hul warmte en vriendelikheid. Hulle luister aandagtig en neem aktief deel aan die bespreking, en gee besondere aandag aan die aanhalings. Die enigste oomblik van ongemak is aan die einde, toe mev Sanchez Alejandra verras met 'n vraag: "Vergeet ek van Christus as ek by die Bahá'í-gemeenskap aansluit?" Alejandra ken die antwoord, maar dit neem haar tyd om dit mooi uit te druk. Mnr Sanchez glimlag en kom haar te hulp: "Ek dink my liefde vir Christus het eintlik gegroei sedert ons van die Bahá'í-leringe geleer het." "En dit is die geval met so baie persone regoor die wêreld," voeg Alejandra by, wat haar gedagtes bymekaar gemaak het. "Hulle liefde vir Moses, Christus, Krishna, Boeddha, Zoroaster en Mohammed word versterk, weens dit wat Bahá'u'lláh leer oor die eenheid van God, die eenheid van godsdiens en die eenheid van die mensdom."

Dit sal nuttig wees as jy in jou groep vir 'n oomblik sommige van die eienskappe en gesigspunte bespreek, wat tydens Alejandra se besoek aanwesig moes wees om dit so vrugbaar te maak. Die belangrikste aspek wat jy moet oorweeg, is nederigheid. Die grondslag van alle nederigheid is nederigheid voor God. Daaruit spruit nederigheid voor Sy skepsele. Op geen tydstip is nederigheid belangriker, as wanneer 'n mens van God en Sy Manifestasies praat nie. Jy moet nadink oor die volgende woorde van Bahá'u'lláh en jou bes doen om dit te memoriseer:

> **"Hulle wat die geliefdes van God is, op watter plek hulle ook al bymekaarkom en wie hulle ook al teëkom, moet in hul gesindheid teenoor God, en op die wyse van hul viering van sy lof en heerlikheid, soveel nederigheid en onderdanigheid aantoon, dat elke atoom van die stof onder hulle voete, van die diepte van hulle toewyding kan getuig. Die gesprek wat deur hierdie heilige siele gevoer word, moet met so 'n krag ingelig word dat hierdie selfde stof-atome opgewonde sal wees oor die invloed daarvan. Hulle moet hulle só gedra, dat die aarde waarop hulle trap, nooit toegelaat mag word om sulke woorde soos hierdie aan hulle te rig nie:**
> **'Ek word bó jou verkies. Want kyk net hoe geduldig ek is om die las te dra, wat die landbouer op my lê. Ek is die instrument wat voortdurend aan alle wesens die seëninge meedeel, waarmee Hy, wat die Bron van alle genade is, my toevertrou het. Ten spyte van die eer wat aan my toegeken is, en die ontelbare bewyse van my rykdom – 'n rykdom wat in die behoeftes van die hele skepping voorsien – aanskou die mate van my nederigheid, getuig met watter absolute onderdanigheid ek toelaat dat ek onder die voete van mense vertrap word. . . .'"**[70]

[70] Ibid., V, par. 2, pp. 6–7.

Soos hierbo genoem, spruit nederigheid voor ons medemens uit nederigheid voor God. Dit is met dieselfde nederigheid dat ons 'n biddende gesindheid aanneem, terwyl ons die huis van 'n vriend of buurman besoek, om saam ons begrip van sekere temas te verdiep. Tydens die gesprek rig ons ons gedagtes telkens op God, en vra Hom om ons gedagtes en harte en dié van almal teenwoordig, te verlig. Daar is baie frases en sinne uit gebede wat ons kan memoriseer met hierdie doel in gedagte. Hierdie is slegs 'n paar:

> **"Verlig ons harte, gee ons oordeelkundige oë en aandagtige ore."**[71]
>
> **"O Heer! Skenk U oneindige gawes, en laat die lig van U leiding skyn."**[72]
>
> **"Ontsluit die poorte van ware begrip, en laat die lig van geloof helder skyn."**[73]
>
> **"O Heer! Verlig ons oë, sodat ons U lig kan aanskou."**[74]
>
> **"Ek wend my volkome tot U en smeek U vurig met my hele hart, my verstand en my tong, om my te beskut teen alles wat in stryd is met U wil, in hierdie kringloop van U goddelike eenheid . . ."**[75]

## AFDELING 6

Alejandra se hart is vol vreugde, ná haar besoek aan die huis van die Sanchezes, en haar gesprek met hulle oor die tema van die ewige Verbond. "Die volgende besoek," dink sy, "sal 'n goeie geleentheid vir hulle wees om hul kennis van Bahá'u'lláh se lewe uit te brei." Sy gaan haar aanbieding op die volgende baseer:

> Bahá'u'lláh is op 12 November 1817 in Teheran, die hoofstad van Persië, gebore. Van kleins af het Hy buitengewone eienskappe getoon, en Sy ouers was oortuig dat Hy bestem was vir groot dinge. Bahá'u'lláh se vader, 'n vooraanstaande minister aan die hof van die koning, het enorme liefde vir sy Seun gehad. Een nag het hy gedroom dat Bahá'u'lláh in 'n onbeperkte see swem, dat Sy liggaam blink en die uitgestrekte see verlig. Om Sy kop straal Sy lang gitswart hare, wat in alle rigtings gesweef het. 'n Menigte visse het om Hom saamgedrom, wat elk aan die punt van een haar vashou. Hoewel daar 'n groot aantal visse was, het daar nie 'n enkele haar van Bahá'u'lláh se kop losgeraak nie. Hy het vrylik en onbeperk beweeg, en hulle het Hom almal gevolg. Bahá'u'lláh se pa het 'n

[71] 'Abdu'l-Bahá, in Bahá'í Prayers, p. 81.
[72] Ibid., p. 111.
[73] Ibid.
[74] From a talk given on 16 August 1912, published in The Promulgation of Universal Peace: Talks Delivered by 'Abdu'l-Bahá during His Visit to the United States and Canada in 1912 (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2012), par. 23, p. 364.
[75] 'Abdu'l-Bahá, in Bahá'í Prayers, p. 130.

welbekende wyse man gevra om die droom uit te lê. Daar is vir hom gesê dat die onbeperkte oseaan die bestaanswêreld is. Alleen en eiehandig sou Bahá'u'lláh heerskappy daaroor verkry. Die menigte visse het die onrus verteenwoordig, wat Hy onder die mense van die wêreld sou opwek. Hy sou die onfeilbare beskerming van die Almagtige hê; hierdie rumoer sou Hom nie skade aandoen nie.

Teen die tyd dat Bahá'u'lláh dertien of veertien was, was Hy bekend in die hof van die koning vir Sy wysheid en geleerdheid. Hy was twee-en-twintig jaar oud toe Sy pa gesterf het, en die regering het sy pa se posisie aan Bahá'u'lláh aangebied. Hy was egter nie van plan om sy tyd aan die bestuur van wêreldse sake te bestee nie. Hy het die hof met sy ministers agtergelaat, om die pad te volg wat deur God vir Hom gestel is. Hy het sy tyd daaraan gewy om die onderdruktes, die siekes en die armes te help, en gou het Hy bekend geword as 'n kampvegter vir die saak van geregtigheid.

Op die ouderdom van sewe-en-twintig het Bahá'u'lláh, deur 'n spesiale boodskapper, sommige van die Geskrifte van die Báb ontvang, wat die aanbreek van 'n nuwe Dag verkondig het, die Dag wanneer 'n nuwe Manifestasie van God, aan die wêreld die langverwagte vrede, eenheid en geregtigheid na die mensdom sal bring. Bahá'u'lláh het dadelik die Boodskap van die Báb aanvaar en een van Sy mees toegewyde volgelinge geword. Maar ongelukkig het diegene wat oor die mense van Persië geheers het, verblind deur hul eie selfsugtige begeertes, hulle voorgeneem om die volgelinge van die Báb met groot wreedheid te vervolg. Bahá'u'lláh, al was hy bekend weens Sy adellike afkoms, is nie gespaar nie. 'n Bietjie meer as agt jaar na die Báb se Verklaring, en twee jaar nadat die Báb self doodgemartel is, was Hy gevange geneem in 'n donker kerker genaamd die Swart Kuil. Die kettings wat om Sy nek gesit is, was so swaar dat Hy nie Sy kop kon oplig nie. Hier het Bahá'u'lláh vier verskriklike maande in erge ontbering deurgebring. Tog was dit in hierdie einste kerker dat die Gees van God Sy siel gevul het en aan Hom geopenbaar het dat Hy die Beloofde van alle eeue was. Vanuit hierdie donker tronk het die Son van Bahá'u'lláh verrys en die ganse skepping verlig.

Na vier maande in die Swart Kuil, is Bahá'u'lláh van al Sy besittings gestroop. Hy en Sy gesin is in ballingskap gestuur. In die bittere winterkoue het hulle langs die westelike berge van Persië gereis na Bagdad, destyds 'n stad in die Ottomaanse Ryk en vandag die hoofstad van Irak. Woorde kan nie hul lyding beskryf toe hulle honderde kilometers op sneeu en ysbedekte grond gestap het op pad na daardie noodlottige stad nie.

Die roem van Bahá'u'lláh het gou deur Bagdad en ander stede van die streek versprei, en al hoe meer mense het na die deur van hierdie uitgeweke Gevangene gekom om Sy seëninge te ontvang. Maar daar was 'n paar wat jaloers geword het op Sy roem. Onder hulle was Bahá'u'lláh se eie halfbroer Mírzá Yaḥyá, wat onder Sy liefdevolle sorg geleef het. Mírzá Yaḥyá se sameswering het

onenigheid onder die volgelinge van die Báb veroorsaak, en groot hartseer vir Bahá'u'lláh tot gevolg gehad. Bahá'u'lláh het een aand, sonder om iemand te vertel, Sy huis verlaat en na die berge van Koerdistan gegaan. Daar het Hy 'n afgesonderde lewe gelei, gefokus op gebed en meditasie. Hy het in 'n klein grot gebly en op die eenvoudigste kos geleef. Niemand in daardie gebied het geweet waar Hy vandaan kom nie, en niemand het geweet wat Sy naam is nie. Maar toe, geleidelik, het die mense van die streek begin praat van die "Naamlose", 'n groot Heilige wat kennis gehad het wat deur God aan Hom toevertrou is. Toe die nuus van hierdie Heilige Persoon by Bahá'u'lláh se oudste Seun, 'Abdu'l-Bahá, uitgekom het, het Hy dadelik die tekens van Sy geliefde Vader herken. Briewe is gestuur met 'n spesiale boodskapper wat Bahá'u'lláh versoek het om terug te keer na Bagdad. Dit het Hy aanvaar en 'n tydperk van pynlike skeiding wat twee jaar geduur het, tot 'n einde gebring.

Tydens Bahá'u'lláh se afwesigheid het die toestande van die Báb-gemeenskap vinnig agteruitgegaan. In die sewe jaar wat Hy in Bagdad gewoon het na Sy terugkeer van die berge, het Bahá'u'lláh die vervolgde en verwarde volgelinge van die Báb met 'n nuwe gees vervul. Alhoewel Hy nog nie Sy eie groot posisie aangekondig het nie, het die krag en wysheid van Sy woorde die lojaliteit van 'n toenemende aantal Báb-volgelinge begin wen en eweneens die bewondering van mense van elke lewensterrein. Maar die fanatiese Moslem geestelikes kon dit nie verdra om die geweldige invloed te sien wat Bahá'u'lláh op so 'n groot aantal siele gehad het nie. Hulle het herhaaldelik by die owerhede gekla totdat die regering van Persië met amptenare van die Ottomaanse Ryk saamgespan het om Bahá'u'lláh verder weg van Sy vaderland te verwyder, hierdie keer na die stad Konstantinopel (vandag Istanboel).

April 1863 was 'n maand van groot hartseer vir die bevolking van Bagdad. Die Een vir wie hulle lief geword het, het hul stad verlaat, op pad na wat vir hulle 'n onbekende bestemming was. Net voor Sy vertrek het Bahá'u'lláh na 'n tuin aan die buitewyke van die stad getrek, Sy tent opgeslaan en vir twaalf dae die stroom besoekers ontvang, wat bymekaargekom het om afskeid te neem. Die volgelinge van die Báb het met swaar harte na hierdie tuin gekom; sommige sou Bahá'u'lláh vergesel op hierdie volgende stadium van Sy ballingskap, alhoewel baie moes agterbly en ontneem word van noue assosiasie met Hom. Maar dit was nie God se wil dat hierdie geleentheid een van hartseer sou wees nie. Die deure van Sy oneindige oorvloed is wyd oopgemaak, en Bahá'u'lláh het aan diegene rondom Hom verklaar dat Hy die Een is wat deur die Báb voorspel is; Hy vir Wie God sou manifesteer. Hartseer het plek gemaak vir grenslose vreugde; harte is opgehef en siele is aangesteek met die vuur van Sy liefde. Hierdie twaalf dae lange tydperk in April word oral gevier as die Fees van Riḍván, die herdenking van die verklaring deur Bahá'u'lláh van Sy wêreldomvattende Sending.


Konstantinopel was die setel van die Ottomaanse Ryk. Hier het Bahá'u'lláh se groot wysheid en persoonlike sjarme weer oor net vier maande 'n toenemende

aantal mense begin lok. "Hy moet nie langer in Konstantinopel bly nie," het die fanatiese Moslem-geestelikes gemompel. Dit het die owerhede oortuig om Hom na die dorp Adrianopel (vandag Edirne) te verban. In Adrianopel, waar Hy vir vier en 'n half jaar gebly het, het Bahá'u'lláh Tablette aan die konings en die heersers van die wêreld geskryf, waarin Hy 'n beroep op hulle gedoen het om die weë van onderdrukking te laat vaar, en hulself aan die welsyn van hul mense toe te wy. Toe het Sy vyande 'n uiters wrede straf bedink. Hy en Sy gesin sou na Akka verban word, wat destyds die ergste strafkolonie in die hele ryk was. "Hy sal sekerlik omkom in die moeilike toestande van daardie tronkstad," het die swaksinnige manne gedink, wat hulle verbeel het dat hulle die plan wat God self aan die gang gesit het, kan stuit.

Die ontberinge wat Bahá'u'lláh in Akka gely het, is te veel om te vertel. Hy het geen mate van gerief gehad nie en was dag en nag deur vyande omring. Maar die toestande van gevangenskap het geleidelik verander. Die inwoners van Akka en sy regering het oortuig geraak, dat die klein groepie Bahá'ís wat na hul stad verban is, onskuldig is. Die mense is weereens aangetrokke tot die wysheid en liefde van hierdie buitengewone Persoon, al het die meerderheid nie Sy groot posisie verstaan nie. Na sowat nege jaar is die deure van die tronkstad oopgemaak vir Bahá'u'lláh en Sy volgelinge. Sy geliefde Seun 'Abdu'l-Bahá kon 'n waardige woonplek vir Sy Vader buite die stadsmure vind. Uiteindelik kon 'Abdu'l-Bahá 'n huis op die platteland huur, waar Bahá'u'lláh die oorblywende dertien jaar van Sy lewe in relatiewe vrede en rustigheid kon deurbring. Ons ken hierdie huis as die Herehuis van Bahjí, en daar is Hy in Mei 1892 op die hoogtepunt van Sy majesteit en glorie oorlede.

Bahá'u'lláh het die vaandel van universele vrede en vriendskap gelig en die Woord van God geopenbaar. Alhoewel Sy vyande hulle magte teen Hom saamgespan het, was Hy oorwinnaar oor hulle, soos God Hom belowe het toe Hy aan kettings in die donker kerker in Teheran was. Gedurende Sy eie leeftyd het Sy Boodskap die harte van duisende mense laat herleef. En vandag versprei Sy leringe steeds regoor die wêreld. Niks kan Hom verhoed om Sy uiteindelike doel te bereik nie, naamlik om die mensdom te verenig binne een universele Saak, in een gemeenskaplike Geloof.

Bostaande weergawe van die lewe van Bahá'u'lláh is relatief lank. Voordat jy verder gaan na die oefeninge hieronder, moet jy die biografie paragraaf vir paragraaf in jou groep lees en mekaar vrae vra totdat jy die inhoud goed ken en dit met gemak kan aanbied. Die volgende kaart sal jou help om die pad van Bahá'u'lláh se ballingskappe te onthou, en om die gebeure te onthou wat langs die pad plaasgevind het.




1. Jy mag dit nuttig vind om, in die spasie wat voorsien word, op grond van bogenoemde weergawe, die volgorde van die belangrikste gebeurtenisse wat met Bahá'u'lláh se lewe geassosieer word, neer te skryf.

2. In 'n bespreking rondom die tema van Bahá'u'lláh se lewe, is daar 'n aantal konsepte wat onderstreep moet word, afgesien van die volgorde van gebeure. Van besondere belang is besinning oor die lyding wat Hy verduur het uit Sy liefde vir die mensdom, asook oor die buitengewone oorwinnings wat deur Sy Geloof behaal is in die aangesig van opposisie. Laat hierdie woorde in ons gedagtes en harte gegraveer word:

   **"Die Antieke Skoonheid het ingestem om met kettings gebind te word, sodat die mensdom uit sy slawerny bevry kan word, en het dit aanvaar om 'n gevangene gemaak te word, binne hierdie allermagtige Vesting, sodat die hele wêreld ware vryheid kan bereik. Hy het die beker van droefheid tot sy droesem gedrink, sodat al die volke van die aarde tot blywende vreugde kan kom, en met blydskap vervul kan word. Dit is van die genade van u Here, die Goedhartige, die Mees Barmhartige. Ons het aanvaar om verneder te word, o gelowiges in die Eenheid van God, sodat julle verhewe kan word, en het menige ellendes gely, sodat julle voorspoedig kan wees en floreer. Hy wat gekom het om die hele wêreld nuut op te bou, en kyk, hoedat hulle wat by God aangesluit het, Hom gedwing het om in die mees verlate stede te woon!"**[76]

3. Wanneer ons oor Bahá'u'lláh se lyding praat, moet ons versigtig wees om Hom nie as 'n hulpelose slagoffer van Sy vyande voor te stel nie. Hy het dit gewillig aanvaar om in kettings gebind te word om die mensdom te bevry. Sy lewensverhaal, alhoewel gevul met verslae van groot lyding, is wesenlik triomfantelik. Met die hulp van die tutor van jou groep, kan jy 'n kort praatjie voorberei oor die lyding en oorwinnings van Bahá'u'lláh gebaseer op jou huidige kennis van Sy lewe? Die vrae hieronder kan vir jou van hulp wees.

a. Waarom het Bahá'u'lláh ingestem om met kettings gebind te word?

[76] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, XLV, par. 1, pp. 111–12.

b. Waarom het Bahá'u'lláh dit aanvaar om 'n gevangene gemaak te word?

c. Waarom het Bahá'u'lláh uit die beker van droefheid gedrink?

d. Waarom het Bahá'u'lláh dit aanvaar om verneder te word?

e. Waarom het Bahá'u'lláh soveel verdrukkinge gely?

f. Het Bahá'u'lláh dit aanvaar om te ly, omdat Hy magteloos was om anders te doen?

g. As Bahá'u'lláh nie magteloos was voor Sy vyande nie, hoekom het Hy dit dan aanvaar om te ly?

## AFDELING 7

Alejandra se tweede besoek aan die Sanchez-huis is so vreugdevol soos die eerste. Mnr en mev Sanchez is reeds ietwat vertroud met die verhaal van Bahá'u'lláh se lewe, maar hulle leer graag meer uit Alejandra se aanbieding en word duidelik geraak deur die inligting oor Sy lyding. "Dit blyk," dink mev Sanchez op 'n stadium, "dat die Manifestasies van God altyd ly onder die hande van diegene wat dors is na leierskap en wêreldse mag." Alejandra besluit dit is gepas om die aanhaling wat sy gememoriseer het – wat jy ook weet uit jou studie van die laaste afdeling – met hulle te deel, waarin Bahá'u'lláh praat van die lyding wat Hy verduur het ter wille van die mensdom, dat ons kan bevry word van onderdrukking en blywende geluk verkry. Al drie vriende voel gemotiveer deur die bespreking daardie dag.

Toe sy haar volgende besoek beplan, kom Alejandra vinnig tot die gevolgtrekking dat die posisie van 'Abdu'l-Bahá 'n natuurlike tema vir bespreking sou wees. Hier volg die aspekte wat sy vir seker wil dek:

> Die oudste Seun van Bahá'u'lláh, 'Abdu'l-Bahá is 'n unieke figuur in die menslike geskiedenis, en ons kan geen persoonlikheid soos Hy in enige vorige godsdiens vind nie. Hy het die goddelike posisie van Sy Vader herken, terwyl hy nog 'n kind was, en was deel van Sy ballingskap en lyding. Dit was onder 'Abdu'l-Bahá se sorg en beskerming, wat Bahá'u'lláh die Bahá'í-gemeenskap gelaat het, ná Sy heengaan. Ons kan nooit ten volle besef watter ontsaglike oorvloed Bahá'u'lláh aan die mensdom geskenk het, deur aan ons nie net Sy mees verhewe Openbaring te gee nie, maar ook Sy Seun, deur Wie se kennis en wysheid, het Hy gesê, die wêreld gelei en verlig sou word.
>
> Wanneer ons die lewe en uitsprake van 'Abdu'l-Bahá bestudeer, kry ons insig in die unieke posisie wat Hy in hierdie Dispensasie beklee. Drie aspekte van hierdie posisie is vir ons belangrik om in gedagte te hou.
>
> Eerstens, 'Abdu'l-Bahá is die Sentrum van Bahá'u'lláh se Verbond. Bahá'u'lláh het 'n verbond met Sy volgelinge gesluit en hulle geroep om hulle harte na daardie sentrum te rig en heeltemal lojaal daaraan te wees. In sy Testament het 'Abdu'l-Bahá vir Shoghi Effendi, die Beskermer van die Geloof, aangewys om die middelpunt te wees waarheen almal hulle moet wend ná Sy heengaan. Vandag is hierdie sentrum die Universele Huis van Geregtigheid, wat gestig is in ooreenstemming met die uitdruklike opdrag van Bahá'u'lláh en die duidelike instruksies wat deur 'Abdu'l-Bahá en die Beskermer gegee is. Die gesag van die Verbond hou die Bahá'í-gemeenskap bymekaar en beskerm dit teen verdeeldheid en disintegrasie.
>
> Tweedens, 'Abdu'l-Bahá is die onfeilbare Vertolker van Bahá'u'lláh se woorde. Só groot is die Openbaring van Bahá'u'lláh, só diepgaande die betekenisse wat in Sy uitsprake vasgelê is, dat Hy dit nodig geag het om 'n Vertolker agter te laat, Een vir wie Hy self sou inspireer. Dus, vir geslagte wat kom, sal die mensdom Bahá'u'lláh se leringe kan verstaan, deur die vertolkings van 'Abdu'l-Bahá te bestudeer, in Sy talle Tablette en in die geverifieerde transkripsies van Sy toesprake. Die Beskermer was die Vertolker van Bahá'u'lláh se leringe ná 'Abdu'l-Bahá; met hom was die taak van vertolking voltooi, en niemand het die gesag om Bahá'u'lláh se woorde uit te lê vir die res van Sy Dispensasie nie.
>
> In die verlede is elke godsdiens geteister deur verdeeldheid oor die verskillende interpretasies van gedeeltes uit sy Heilige Geskrifte. Maar in hierdie Dispensasie, wanneer daar onsekerheid is oor die betekenis van 'n verklaring van Bahá'u'lláh, wend almal hulle tot die interpretasies van 'Abdu'l-Bahá en die Beskermer. As daar steeds onsekerheid is, kan 'n mens die Universele Huis van

Geregtigheid nader vir opheldering. Geen ruimte word dus gelaat vir konflik oor die betekenis van die leringe nie. Die eenheid van die Geloof word sodoende beskerm.

Derdens, 'Abdu'l-Bahá is die volmaakte Voorbeeld van Sy Vader se leringe. Alhoewel ons nooit kan hoop om so 'n mate van volmaaktheid te bereik nie, moet ons Hom altyd voor ons oë hê en daarna streef om Sy voorbeeld te volg. Wanneer ons in die Geskrifte oor liefde lees, kan ons ons na 'Abdu'l-Bahá wend en ons sal die wese van liefde en vriendelikheid sien. Wanneer ons lees oor reinheid, geregtigheid, integriteit, vreugde en vrygewigheid, kan ons na Hom wend en aan Sy lewe dink, en ons sal sien hoe Hy hierdie eienskappe tot die uiterste volmaaktheid gemanifesteer het.

Die kenmerk van 'Abdu'l-Bahá se lewe was natuurlik Sy diensbaarheid. Die naam 'Abdu'l-Bahá beteken "die dienaar van Bahá", en dit was die titel wat Hy verkies het bo al die ander wat aan Hom toegeskryf is. In die volgende woorde van 'Abdu'l-Bahá druk hy Sy vurige begeerte uit om te dien:

**"My naam is 'Abdu'l-Bahá. My kwalifikasie is 'Abdu'l-Bahá. My realiteit is 'Abdu'l-Bahá. My lof is 'Abdu'l-Bahá. Knegskap vir die Geseënde Volmaaktheid is my glorieryke en vonkelende kroon, en diensbaarheid aan die hele menseras my ewige godsdiens. .... Geen naam, geen titel, geen melding, geen lof het ek, en sal ook nooit hê nie, behalwe 'Abdu'l-Bahá nie. Dit is my verlange. Dit is my grootste versugting. Dit is my ewige lewe. Dit is my ewige heerlikheid."**[77]

Dit is duidelik dat wat Alejandra beplan om met die Sanchezes in haar volgende besoek te behandel, niks meer is as 'n inleiding tot 'n uiters unieke figuur nie. Hul waardering vir die posisie, wat deur 'Abdu'l-Bahá in hierdie Dispensasie beklee is, sal in die komende jare aanhou groei. In jou eie lewe, terwyl jy die pad van diens bewandel, sal jy baie geleenthede hê om aan Sy voorbeeld te dink en Sy woorde te bepeins. In die vorige Deel het jy jouself reeds vertroud gemaak met sommige van Sy uitsprake, en jy is aangemoedig om te leer uitdruk op die manier waarop Hy idees uiteengesit het in Sy Tablette en openbare toesprake. Vir eers, om jou huidige begrip van Sy posisie te konsolideer, moet jy die ander lede van jou groep raadpleeg oor die hoofpunte hierbo en oefen om dit goed te sê. Besinning oor die aangehaalde gedeelte, sal jou inspireer in jou pogings om op die pad van diens te vorder.

[77] 'Abdu'l-Bahá, cited by Shoghi Effendi, The World Order of Bahá'u'lláh: Selected Letters (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1991, 2012 printing), p. 139.

## AFDELING 8

'n Vraag wat in Alejandra se gedagtes was, sedert sy met haar besoeke met mnr en mev Sanchez begin het, is watter besprekingsonderwerpe hulle die meeste sal help om bevestigde en aktiewe leiersfigure van die gemeenskapsbouproses in die buurt te word. Aan die een kant is daar temas soos gebed, die onsterflikheid van die siel en standvastigheid in die liefde van God wat sy hoop om met hulle te bespreek, want die fondamente van hul geestelike lewe moet voortdurend versterk word. Aan die ander kant sal dit vir hulle belangrik wees om 'n visie te kry van die soort gemeenskap wat geleidelik ontwikkel word en te weet dat hulle waardevolle bydraes tot die verwesenliking daarvan kan lewer. Tydens haar gesprek met mnr en mev Sanchez oor die posisie van 'Abdu'l-Bahá, kom Alejandra geleidelik tot die besef wat die tema van haar volgende besoek moet wees. "Hulle het 'n groot mate van duidelikheid oor die doel van die Geloof om mense te verenig," dink sy. "So die tema wat ons waarskynlik nou moet ondersoek, is hoe om 'n verenigde gemeenskap te bou en in stand te hou."

Alejandra begin haar vierde besoek deur die aktiwiteite te beskryf wat tans deur 'n relatief klein groepie vriende in die buurt onderneem word. "Namate ons getalle toeneem," verduidelik sy, "sal die mees uitdagende verantwoordelikheid wat ons almal moet dra, wees om al hoe meer verenig te word in ons woorde, in ons gedagtes en in ons dade. As julle saamstem, dan kan ons vandag saam die tema van eenheid verken."

"Ek kan sien hoe belangrik eenheid is vir die ontwikkeling van ons gemeenskap," antwoord mev Sanchez.

"En dit was immers Bahá'u'lláh se boodskap van eenheid wat ons harte eerste na Sy leringe gelok het," sê mnr Sanchez.

"Ek het 'n aantal idees gekies en 'n aanhaling vir elkeen gevind," sê Alejandra. "As jy nie omgee nie, kan ons hulle een vir een deurgaan en hulle bespreek."

Hier volg 'n lys van Alejandra se idees:

- Vir ons gemeenskap om werklik verenig te wees, moet elkeen van ons konflik en wrywing vermy. Bahá'u'lláh verklaar:

  **"Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, twis, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God. Vlug vir hulle, deur die krag van God en Sy soewereine hulp, en streef daarna om die harte van mense saam te bind, in Sy Naam, die Vereniger, die Alwetende, die Alwyse."**[78]

[78] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, V, par. 5, p. 8.

- Ons moet liefde vir almal in die gemeenskap hê, 'n liefde wat 'n weerspieëling is van ons liefde vir God. 'Abdu'l-Bahá sê:

  **"Wees in perfekte eenheid. Moet nooit vir mekaar kwaad word nie. . . . Wees lief vir die skepsels ter wille van God en nie vir hulleself nie. Jy sal nooit kwaad of ongeduldig word as jy hulle ter wille van God liefhet nie. Die mensdom is nie perfek nie. Daar is onvolmaakthede in elke mens, en jy sal altyd ongelukkig word as jy na die mense self kyk. Maar as jy na God kyk, sal jy hulle liefhê en goedhartig teenoor hulle wees, want die wêreld van God is die wêreld van volmaaktheid en volkome barmhartigheid."**[79]

- As daar, met al die liefde wat ons vir mekaar voel, spanning onder ons ontstaan, moet ons dadelik hierdie advies van 'Abdu'l-Bahá onthou:

  **"Ek vereis van julle almal, dat elkeen van julle al die gedagtes van julle hart op liefde en eenheid konsentreer. Wanneer daar 'n gedagte van oorlog kom, staan dit teë met 'n sterker gedagte van vrede. 'n Gedagte aan haat moet vernietig word, deur 'n kragtiger gedagte van liefde. Oorlogsgedagtes bring vernietiging van alle harmonie, welsyn, rustigheid en tevredenheid. "Liefdesgedagtes is opbouend vir broederskap, vrede, vriendskap en geluk."**[80]

- En as ons, nadat ons elke poging aangewend het om dit te beheer, sien hoe ons emosies ons oorval en ons in konflik met ander beland, moet ons onsself aan hierdie woorde van Bahá'u'lláh herinner:

  **"As daar verskille tussen julle opduik, sien My voor julle aangesig staan, en kyk mekaar se foute mis, ter wille van My Naam en as 'n teken van julle liefde vir My duidelike en glansryke Saak."**[81]

- Die geestelike dissipline om die foute van ander oor die hoof te sien, te fokus op hul lofwaardige eienskappe en jouself heeltemal te weerhou van agterbaksheid is 'n uiters doeltreffende maatreël teen onenigheid. Dit is makliker om die neiging van agterbaksheid te oorkom wanneer ons lief is vir mekaar. Ons moet onthou dat ons geneig is om nie die foute van diegene wat ons liefhet, raak te sien nie, en het geen moeite om dit te beskou met 'n sonde-bedekkende oog nie. 'Abdu'l-Bahá sê:

  **"Die onvolmaakte oog aanskou onvolmaakthede. Die oog wat foute bedek, kyk na die Skepper van siele. Hy het hulle geskep, lei hulle op en voorsien vir hulle, met bekwaamheid en lewe, sig en gehoor toegerus; daarom is hulle die**

[79] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 5 May 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 4, p. 128.
[80] From a talk given on 21 October 1911, published in Paris Talks: Addresses Given by 'Abdu'l-Bahá in 1911 (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2006, 2016 printing), no. 6.7–8, p. 22.
[81] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXLVI, par. 1, p. 357.

**tekens van Sy grootsheid. Julle moet almal liefhê en vriendelik wees, vir die armes omgee, die swakkes beskerm, die siekes genees, die onkundiges onderrig en opvoed."**[82]

Bahá'u'lláh vermaan ons:

**O Metgesel van My Troon! Hoor geen euwel en sien geen boosheid nie, moenie jouself verkleineer nie, moet ook nie sug en ween nie. Spreek geen kwaad nie, dat jy dit nie aan jou gespreek mag hoor nie, en moenie die foute van ander vergroot nie, sodat jou eie foute nie groot mag voorkom nie; en wens niemand se vernedering nie, dat jou eie vernedering nie blootgelê word nie. Leef dan die dae van jou lewe, wat minder as 'n vlietende oomblik is, met jou verstand vlekvry, jou hart onbesmet, jou gedagtes suiwer en jou natuur geheilig, sodat jy vry en tevrede hierdie sterflike raamwerk kan verwyder, en terugkeer na die mistieke paradys om vir ewig in die altyddurende koninkryk te vertoef."**[83]

En Hy sê vir ons:

**"O Emigrante! Die tong wat Ek ontwerp het vir die vermelding van My, besoedel dit nie met belastering nie. As die vuur van ego julle oorwin, onthou julle eie foute en nie die foute van My skepsele nie, aangesien elkeen van julle sy eie self beter ken, as wat hy ander ken."**[84]

- Eenheid is nie bloot die afwesigheid van konflik en onenigheid nie, en liefde moet nie alleen in woorde uitgedruk word nie. Ons kan slegs beweer dat ware eenheid onder ons bestaan, as ons liefde vir mekaar in gemeenskapsdiens omgeskakel word, en as ons aktiwiteite deur 'n gees van samewerking en wedersydse hulp beheer word.

'Abdu'l-Bahá doen 'n beroep op ons:

**"Rus nie, selfs vir 'n oomblik, en soek nie vertroosting nie, selfs vir 'n oomblik. Werk liewer met hart en siel, dat jy toegewyde diens kan lewer, aan bloot één onder die vriende, en geluk en vreugde bring aan bloot één verligte hart. Dit is ware oorvloed, en daardeur word die voorkop van 'Abdu'l-Bahá verlig. Wees jy my vennoot en assosieer daarmee."**[85]

En Hy verklaar:

[82] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 5 May 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 4, p. 128.
[83] The Hidden Words, Persian no. 44, p. 37.
[84] Ibid., Persian no. 66, p. 45.
[85] 19. From a Tablet of 'Abdu'l-Bahá. (authorized translation)

**"Die allergrootste behoefte van die mensdom is samewerking en wisselwerking.**
**Hoe sterker die bande van gemeenskap en harmonie tussen mense is, hoe groter sal die krag van opbouendheid en prestasie op al die vlakke van menslike aktiwiteit wees."**[86]

- 'n Uiters belangrike sleutel tot suksesvolle gemeenskapsoptrede is eerlike en liefdevolle konsultasie oor alle sake. Deur konsultasie smelt die verskillende maniere waarop ons elkeen na 'n kwessie kyk saam, en ons ontdek watter rigting ons wil volg, in ons gesamentlike optrede. Deur konsultasie bereik ons eenheid van denke, en met ons gedagtes en sienings verenig, skep ons effektiewe planne vir die vooruitgang van ons gemeenskappe.
  'Abdu'l-Bahá sê van diegene wat konsulteer:

  **"Die hoofvereistes vir diegene wat saam beraadslaag, is reinheid van motief, glans van gees, losmaking van alles behalwe God, aangetrokkenheid tot Sy Goddelike Geure, nederigheid en beskeidenheid onder Sy geliefdes, geduld en lankmoedigheid in moeilikhede en diensbaarheid aan Sy verhewe Drempel. Indien hulle genadiglik gehelp word om hierdie eienskappe te verkry, sal die oorwinning van die onsigbare Koninkryk van Bahá aan hulle beloof word."**[87]

- Eenheid van denke is onvervuld as dit nie in eenheid van handeling omgesit word nie. Om in eenheid op te tree, beteken nie dat ons almal dieselfde ding doen nie. Inteendeel, in verenigde optrede word die uiteenlopende talente van die lede van 'n gemeenskap optimaal benut. Ons magte vermenigvuldig, en selfs wanneer ons getalle nog klein is, is ons in staat om reg te kry wat die meeste groot en magtige organisasies in die wêreld nie in staat is om te bereik nie.
  'Abdu'l-Bahá sê:

  **"Wanneer ookal heilige siele, wat die kragte vanuit die hemel gebruik, sal opstaan met sulke eienskappe van die gees, en in eenstemmigheid marsjeer, rang op rang, elkeen van daardie siele sal gelyk wees aan een duisend, en die stygende golwe van daardie magtige oseaan sal wees soos die bataljons van die Atrium in die hoogte."**[88]

Nadat julle bogenoemde noukeurig gelees het en die inhoud puntsgewys met die deelnemers in julle groep bespreek het, sal julle mekaar wil help om die aanbieding van die tema te oefen soos julle met die vorige drie gedoen het. Jy sal die oefeninge hieronder nuttig vind om jou hiermee te help.

[86] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 25 September 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 2, pp. 478–79.
[87] Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2010, 2015 printing), no. 43.1, p. 125.
[88] Ibid., no. 207.3, p. 360.

1. Voltooi die volgende sinne:

a. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as ______________________________ en onmin, twis, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God.

b. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en _______________________, twis, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God.

c. ____________________ wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, twis, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God.

d. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, twis, vervreemding en ______________________, onder die geliefdes van God.

e. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, ____________________, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God.

f. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie Saak groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, twis, ______________________________ en apatie, onder die geliefdes van God.

g. Niks wat ook al, kan op hierdie Dag, hierdie ________________ groter skade berokken as verdeeldheid en onmin, twis, vervreemding en apatie, onder die geliefdes van God.

2. In die tweede aanhaling sê 'Abdu'l-Bahá vir ons:

a. Ons moet leef in perfekte _______________ .

b. Ons moet nooit vir mekaar _______________ word nie.

c. Ons moet lief wees vir alle skepsels ____________________________________ en nie vir hulself nie.

d. Jy sal nooit _________________ of _____________________ word, as jy hulle __________________ liefhet nie.

e. Die mensdom is nie ____________________________ nie.

f. Ons sal altyd ________________________ word as ons ____________________ kyk.

g. As ons na __________________ kyk, sal ons mense ____________________ en _______________ teenoor hulle wees.

3. In die derde aanhaling sê 'Abdu'l-Bahá vir ons:

a. Ons moet almal al ons gedagtes van ons hart op ________________________ en ________________________ konsentreer.
b. Wanneer daar 'n gedagte van oorlog kom, moet ons dit teenstaan met ______________________________________.
c. 'n Gedagte aan haat moet vernietig word, deur 'n _________________________ _______________________________________ .
d. Oorlogsgedagtes bring vernietiging van alle _______________, _____________, _________________ en __________________.
e. Liefdesgedagtes is opbouend vir ______________________, _______________, ______________________________ en ________________.

4. Wat moet jy doen as jy sien dat daar verskille tussen jouself en ander ontstaan in die gemeenskap?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5. Beskryf die geestelike dissipline wat jou help om by te dra tot eenheid in jou gemeenskap:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Watter van die volgende dra by tot eenheid?

- Om te kyk na die tekortkominge van ander
- Om ander mense se foute oor te sien
- Om teenoor 'n vriend kommentaar te lewer oor die tekortkominge van iemand anders
- Om 'n storie te verander of te oordryf om iemand anders in 'n swak lig te stel
- Om te dink aan die foute van ander mense

7. Hoekom kritiseer ons sommige mense wanneer hulle 'n fout maak, maar nie ander wanneer hulle presies dieselfde ding doen nie?

8. Is dit moontlik om eenheid te hê in 'n situasie waar mense oor iemand skinder? Hoekom nie?

9. Om 'n leuen oor iemand te vertel is natuurlik verkeerd. Maar is dit reg om kritiek uit te spreek oor iemand vir iets wat hy inderdaad gedoen het?

10. Wat is die verskil tussen skinder, agterbaks wees en te kritiseer?

11. Watter uitwerking het skinder, agterbaksheid en voortdurende kritiek op 'n gemeenskap?

12. Hoe kan ons hierdie gewoontes uit ons lewens verwyder?

13. Wat sou gebeur as ons net oor mense praat asof hulle teenwoordig is?

14. As ons voor kinders skinder, watter effek sal dit op hulle hê?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

15. Waar kom die neiging om te skinder en betrokke te raak by rugstekery vandaan?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

16. Bahá'u'lláh vermaan ons: "As die vuur van ego julle oorwin,
____________________ en nie die foute __________________, aangesien
elkeen van julle ________________ beter ken, ________________________."

17. Liefde word nie bloot in woorde uitgedruk nie. Wat is nog nodig?

________________________________________

________________________________________

18. Met betrekking tot eenheid en liefde roep 'Abdu'l-Bahá ons:
"__________________, selfs vir 'n oomblik, en _____________ nie
___________________ nie, selfs vir 'n oomblik. ___________ liewer met
___________________, dat jy _________________________ kan lewer, aan
bloot één onder die vriende, en _____________________________ aan bloot
één verligte hart."

19. En verder sê Hy: "Die allergrootste behoefte van die mensdom is
______________ en __________________.
Hoe sterker die bande van ________________ en ________________harmonie
tussen mense is, hoe groter sal die krag van __________________ en
___________________ op al die vlakke van menslike aktiwiteit wees."

20. Wat is die belangrikste sleutel tot suksesvolle gemeenskapsaksie?

________________________________________

________________________________________

21. 'Abdu'l-Bahá sê van diegene wat konsulteer:
"Die hoofvereistes vir diegene wat saam beraadslaag, is

_______________________________________________________________________,

_______________________________________________________________________,

_______________________________________________________________________,

_______________________________________________________________________,

____________________________________________________ onder Sy geliefdes,

_______________________________________________________ in moeilikhede en

_______________________________________________ aan Sy verhewe Drempel.

Indien hulle genadiglik gehelp word om hierdie eienskappe te verkry,

______________________________________________________ van die onsigbare

Koninkryk van Bahá _______________________________________________."

22. Aangaande die krag om in eenheid te werk, vertel 'Abdu'l-Bahá vir ons:

"Wanneer ookal heilige siele, wat die ____________________________________,

sal opstaan met sulke _____________________________________, en

________________________ marsjeer, rang op rang, _______________________

van daardie siele sal gelyk wees aan _______________________, en die stygende

golwe van daardie magtige oseaan sal wees soos die

_____________________________________ in die hoogte."

## AFDELING 9

Tydens haar vierde besoek met mnr en mev Sanchez, het Alejandra die plesier om Beatrice te ontmoet, 'n kleindogter wat by hulle kom bly het, terwyl sy 'n nabygeleë hoërskool bygewoon het. Beatrice is baie nuuskierig oor die tema van eenheid en neem entoesiasties deel aan die gesprek. Soos die gesprek ten einde loop, bring mev Sanchez vir almal koffie en koek te voorskyn. Dit gee Alejandra 'n geleentheid om Beatrice 'n bietjie beter te leer ken, en sy reël om haar die volgende dag te ontmoet, om oor die gemeenskapsbou pogings in die buurt te praat. "Sy sal dalk belangstel om die hoofreeks van kursusse te bestudeer," dink Alejandra by haarself. "Ek kan haar help om teen 'n bestendige pas deur die eerste paar boeke te gaan. Sy wil dan dalk 'n kinderklas begin, of my bystaan met die junior jeuggroep wat in die buurt vorm. In daardie geval kan sy geleidelik meer verantwoordelikheid vir die groep aanvaar, soos sy tot by Boek 5 vorder, wat haar sal voorberei om as 'n animeerder te dien." Alejandra het verskeie jeug byeenkomste bygewoon, wat op sekere onderwerpe van bespreking gefokus het. Baie het gevolglik begin deelneem aan die instituutproses. Sy besluit om dieselfde volgorde van idees te volg, in haar gesprek met Beatrice die volgende dag. Dit is hoe die gesprek begin:

Ons wil almal sien dat die wêreld 'n beter plek word. Ons sien uit na 'n toekoms waar universele vrede gevestig is, en die menslike familie in harmonie saamleef.

> So 'n toekoms is nie 'n blote droom nie en kan gebou word namate meer en meer van ons pogings aanwend om by te dra tot die verbetering van die wêreld. Diep in ons harte het ons almal die begeerte om ons gemeenskappe te dien. Wat ons nodig het, is om ons vermoë te ontwikkel om onbaatsugtige dade van diens te onderneem in algemene belang.
>
> Ons kan dink oor ons diens aan die mensdom asof ons saam stap op 'n denkbeeldige pad van diens. Hierdie pad is oop vir almal. Ons maak elkeen die keuse om dit te betree, en ons vorder daarop teen ons eie pas. Ons stap nie hierdie pad alleen nie; ons dien saam met ons vriende, leer saam en vergesel mekaar. Elke tree wat ons gee, genereer vreugde en versekering, en elke poging wat ons aanwend, bring goddelike bevestigings.

Beatrice hou van wat sy hoor, en 'n lewendige gesprek volg na hierdie kort aanbieding. Voordat ons verder gaan, laat ons hier stilstaan en besin oor die aard van die interaksie tussen die twee nuwe vriende. Alejandra het besluit om 'n inhoudelike gesprek te voer, om Beatrice te nooi om aan die instituutproses deel te neem. Hoekom sou dit nie vir haar voldoende gewees het om bloot vir Beatrice te sê dat 'n reeks kursusse deur die instituut aangebied word, en haar uit te nooi om daarby aan te sluit nie?

**AFDELING 10**

Die gesprek tussen Alejandra en Beatrice duur sowat twee uur voort. Hier volg bykomende idees wat Alejandra met haar nuwe vriend deel. Ons verstaan natuurlik dat sy nie 'n lang ononderbroke aanbieding maak nie. Baie van die twee ure word gespandeer om saam idees te bespreek uit die paragrawe hieronder:

> Ons is jonk, ons het energie, en ons het groot entoesiasme. Mense neem aan ons is sorgvry. Maar dit is die teenoorgestelde; ons is besorg oor die lot van die mensdom en wil graag sien dat wesenlike verandering in die samelewing teweeg gebring word. Maar ons moet ook aan ons eie lewens dink—opvoeding, werk, vriende, familie. Elke jaar as ons ouer word, vind ons dat ons meer verantwoordelikhede aanvaar. Ons ouers verwag baie van ons. Soms, as ek aan al my verantwoordelikhede dink, voel ek oorweldig. Dan onthou ek 'n aanhaling uit

die Bahá'í-Geskrifte wat ek gememoriseer het: "Die mens se lewe het sy lente en is toegerus met wonderlike heerlikheid. Die jeugjare word gekenmerk deur sterkte en krag en staan uit as die beste tyd in die mens se lewe."

Wat ek graag met jou wil deel, is dat baie jongmense regoor die wêreld in gemeenskappe soos ons s'n besef dat hul energie deur 'n dubbele doel gerig kan word: om beheer te neem van hul eie intellektuele en geestelike groei en by te dra tot transformasie van die samelewing. Hierdie twee aspekte van ons doel is onderling verbind. Soos ons ons eie vermoëns ontwikkel, is ons beter in staat om ander te dien, en deur mekaar te help, groei ons as individue en versterk ons die eienskappe waaroor ons beskik.

Dit is waar die idee van 'n dienspad wat ek voorheen genoem het, ter sprake kom. Om dit te bewandel, is nie iets wat ons net aan ons lewens toevoeg nie; dit bring betekenis aan alles wat ons doen. Gemeenskapsdiens help ons om ons opvoedingsdoel beter te verstaan, om ons toekomsgedagtes te verhelder, om die eienskappe te ontwikkel wat ons nodig het om by te dra tot die welstand van ons gesinne. Dit versterk ons vriendskappe. Dit weerhou ons daarvan om ons energie op onbenullige dwaalspore te laat verdwyn.

Wanneer ons oor ons geestelike en intellektuele groei dink, moet ons bewus wees van allerlei kragte wat ons beïnvloed. Party daarvan, soos die kragte van kennis, van geregtigheid en van liefde, beweeg ons in die regte rigting, en ons moet leer om onsself daarmee te belyn. Ander, soos die kragte van materialisme en egoïsme, doen die teenoorgestelde, en ons moet dit weerstaan. Ons moet daarna streef om uitnemendheid te bereik en geloof hê, sodat ons pogings met goddelike bevestiging geseën sal word.

En as ons nadink oor ons bydraes tot die transformasie van die samelewing – die transformasie van 'n wêreld van geweld, armoede en lyding in 'n wêreld van vrede, voorspoed en harmonie – moet ons aan beide materiële en geestelike vooruitgang dink. Materiële vooruitgang vir alle mense sal nie bereik word, as ons nie ook geestelike vordering maak nie. Slegs as hierdie twee hand aan hand gaan, sal die verbetering van die wêreld kan plaasvind. Daar is nog 'n aanhaling wat ek onthou: "Materiële beskawing is soos 'n lamp, terwyl geestelike beskawing die lig binne-in die lamp is. As die materiële en geestelike beskawing verenig word, dan sal ons die lig en die lamp saam hê, en die sinergie sal perfek wees."

Soos ons die pad van diens bewandel, leer ons om met groepe individue te werk, veral kinders en junior jeug, om hulle te help om kennis, vaardighede en geestelike eienskappe te verkry. Ons leer ook om aandag te gee aan die eenheid van ons gemeenskappe. Individue, gesinne en organisasies wat wil bydra tot die vooruitgang van 'n gemeenskap, moet saamwerk. Hulle moet 'n gemeenskaplike visie en missie opbou en die weë van konflik agterlaat.

Dit is dus belangrik dat ons as jongmense die gewoontes van harmonieuse interaksie met ander ontwikkel. Ons moet vriende wees: om mekaar te vergesel in die werk wat ons doen, mekaar se bydraes te aanvaar, mekaar aan te moedig en te ondersteun, mekaar se sterkpunte raak te sien, nuttige advies by mekaar te soek en te gee, en vreugde te put uit mekaar se prestasies. As ons die pad van diens betree, moet ons optree, daaroor besin, konsulteer en saam bestudeer.

Oor die afgelope paar dekades het die Bahá'í-gemeenskap daarin geslaag om 'n baie spesiale soort studie-instituut in feitlik elke land van die wêreld te vestig. Hierdie institute, soos ons daarna verwys, bied kursusse aan wat ons vermoëns versterk om die gemeenskap te dien. Deur hierdie kursusse te volg, verkry ons die geestelike insigte en die praktiese vaardighede wat nodig is, om saam vorentoe te beweeg op die pad van diens. Soos ons daardeur vorder, groei ons vermoë om toenemend komplekse diensaksies uit te voer. Ons word deurentyd vergesel deur diegene wat meer ervare as ons is, en mettertyd vergesel ons natuurlik vriende met minder ervaring. Uit die staanspoor is ons almal leiersfigure van persoonlike- en sosiale transformasie, wat gretig verantwoordelikheid aanvaar vir ons eie studie en vir gemeenskapsdiens.

"Om 'n leiersfiguur te wees" beteken om die wil te hê om bedagsaam op te tree, om in ons ondernemings te volhard, en om kennis by elke stap op te doen en toe te pas. 'n Leiersfiguur is nie 'n blote passiewe ontvanger van voordele nie, maar 'n aktiewe bydraer tot vooruitgang. Om 'n leiersfiguur te wees, moet 'n mens leer om kreatiewe en gedissiplineerde inisiatief aan die dag te lê. Die instituutkursusse help ons om ons vermoë te verbeter, om leiersfigure van die gemeenskapsbouproses te wees.

Ons moet 'n oomblik neem om na te dink oor die idees in die bostaande paragrawe. Soos aan die begin van die Afdeling vermeld, sal Alejandra nie bloot die idees een na die ander aanbied nie, maar sal seker maak dat Beatrice genoeg geleentheid het om daaroor na te dink en by te dra tot die bespreking. Wat jy dalk wil oorweeg – nadat jy die kans gehad het om elke paragraaf in jou groep te bespreek en geleer het om self die idees goed uit te druk – is of die gesprek so ontwikkel het dat Alejandra met selfvertroue, 'n paar woorde wil sê oor sommige van die kursusse van die Ruhi-instituut, en Beatrice uit te nooi om by die studie van Boek 1 aan te sluit.
Kan jy in die spasie hieronder neerskryf wat jy sou sê as jy in haar plek was?
Hoe sou jy Boeke 1 en 2 beskryf en die diensdade waarvoor hulle vra?
'n Kort verwysing na diensaksie wat in daaropvolgende boeke opgeneem is - veral na die onderrig van klasse vir die geestelike opvoeding van kinders, en na die leiding van 'n junior jeuggroep as animeerder - sou Beatrice ongetwyfeld help om 'n visie te verkry van watter diens sy in die toekoms kan lewer. Die tutor van jou groep kan jou help om 'n paar sinne oor hierdie twee diensaksies te skryf, soortgelyk aan wat Alejandra kan byvoeg as sy Beatrice uitnooi om Boek 1 te bestudeer.

**AFDELING 11**

Twee weke gaan verby voor Alejandra se volgende besoek aan die Sanchez-huis. In daardie tyd kon Beatrice aan 'n intensiewe veldtog deelneem en die eerste twee dele van Boek 1 voltooi. Sy gaan nou deur die derde deel saam met 'n groep van vyf vriende wat twee keer per week in die buurt vergader. Alejandra dink dit is die beste om met die Sanchez-gesin te gesels oor die tema van gebed en vra Beatrice of sy haar wil bystaan. Jy het self die tweede deel van Boek 1 bestudeer, so dit is nie nodig om die inhoud wat deur Alejandra en Beatrice tydens die besoek gedek is, hier vir jou op te som nie. Nadat jy die eenheid hersien het, behoort jy in staat te wees om die hoofpunte uiteen te sit, wat jy in 'n bespreking rondom hierdie tema sou probeer aanspreek. Hieronder is spasie vir jou om jou idees neer te skryf.

## AFDELING 12

Alejandra se besoeke aan die Sanchez-familie duur nog vir 'n paar weke voort, en hulle het 'n geleentheid om verskeie temas te bespreek, wat natuurlik voortspruit uit hul beraadslagings oor die betekenis van gebed - die lewe van die siel, die ontwikkeling van geestelike eienskappe, gehoorsaamheid aan die wette en verordeninge van God en standvastigheid in sy liefde. By een geleentheid gesels hulle ook 'n bietjie oor die instellings van die Administratiewe Orde, veral oor Plaaslike- en Nasionale Geestelike Rade. Ons hoef nie by die inhoud wat tydens elk van hierdie daaropvolgende besoeke gedek word, stil te staan nie. Daar is egter twee vrae wat dikwels ontstaan by deelnemers aan 'n reeks gesprekke soos hierdie een waaraan ons nou dink. Die eerste het te make met die aard van vergaderings wat deur die gemeenskap gehou word en die tweede met finansiële hulpbronne. Ons sal die onderwerp van vergaderings, spesifiek die Neëntiendaefees, in hierdie afdeling opneem en daarna na die kwessie van finansies kyk.

Die volgende punte kan dus die basis vorm vir 'n gesprek oor die tema van die Neëntiendaefees:

- In die Bahá'í-gemeenskap word byeenkomste vir verskeie doeleindes gehou - om te bid, om te bestudeer, om spesiale geleenthede te vier, om oor gemeenskapsake en diens aan die samelewing te konsulteer, om planne van aksie te bespreek. Bahá'u'lláh maak die volgende belofte:

  **"Deur My lewe en My Saak! Rondom watter woning die vriende van God ook al mag ingaan, en waaruit hulle geroep sal opstyg, terwyl hulle die Here loof en prys, sal omring word deur siele van ware gelowiges en al die begenadigde engele."**[89]

- Om te luister na die Woord van God in byeenkomste tussen vriende, bring vreugde na die harte en versterk eenheidsbande. Bahá'u'lláh vermaan ons:

  **"Dit betaam die vriende, in watter land hulle ook al is, om in samekomste byeen te kom, en daar met wysheid en met welsprekendheid te praat, en die verse van God te lees; want dit is God se Woorde wat die liefde se vuur aansteek en dit aan die brand laat slaan."**[90]

  'Abdu'l-Bahá skryf:

  **"Hou byeenkomste, resiteer en sing die hemelse Leringe, sodat daardie land moontlik verlig kan word met die lig van waarheid, en daardie gebied, deur**

---

[89] Bahá'u'lláh, in Bahá'í Meetings: Extracts from the Writings of Bahá'u'lláh, 'Abdu'lBahá, and Shoghi Effendi, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1976, 1980 printing), p. 3.
[90] Ibid.

**die bevestigings van die Heilige Gees, selfs soos 'n genotvolle paradys kan word, want hierdie era is die eeu van die Aller-Heerlikste God, en die melodie van die eenheid van die wêreld van die mensdom, die ore dwarsdeur die Ooste en die Weste bereik."**[91]

- Van alle Bahá'í-byeenkomste verdien die Neëntiendaefees spesifieke vermelding. Die Bahá'í-kalender bestaan uit neëntien maande van neëntien dae elk, en op elke plek kom Bahá'í's een keer per maand bymekaar vir hierdie vergadering, soos deur Bahá'u'lláh self beveel:

**"Voorwaar, julle word aangesê om een maal per maand 'n fees aan te bied, alhoewel net water bedien word; want God het Hom voorgeneem om harte saam te bind, al is dit beide met aardse en hemelse middele."**[92]

- Die Neëntiendaefees bestaan uit drie dele. Die eerste is die oordenkingsgedeelte, waartydens gebede gesê word en gedeeltes uit die Heilige Geskrifte gelees word. Die tweede is die administratiewe deel, waartydens konsultasie oor die gemeenskapsake plaasvind. Die derde is die sosiale deel.

- Ons kry 'n blik op die belangrikheid van die gewyde deel van die Neëntiendaefees uit die volgende woorde van 'Abdu'l-Bahá:

**"O julle lojale dienaars van die Antieke Skoonheid! In elke siklus en bedeling is die fees verkose en geliefd, en die dek van 'n tafel vir die geliefdes van God is as 'n lofwaardige daad beskou. Dit is veral vandag die geval, in hierdie bedeling sonder vergelyking, hierdie mees vrygewige van eeue, wanneer dit hoog geag word, want dit word waarlik gereken onder dié byeenkomste wat gehou word om God te aanbid en te verheerlik. Hier word die heilige verse, die hemelse lofsange en lofprysinge besing, en die hart word opgewek en van homself af weggevoer."**[93]

- Tydens die administratiewe deel van die Fees, hoor die vriende wat bymekaar gekom het, berigte oor die aktiwiteite van Bahá'í-gemeenskappe naby en ver, konsulteer oor die sake van die Geloof in hul eie gemeenskap, en oor hul bydraes tot die welstand van die samelewing, word vertroud met leiding vanaf die Universele Huis van Geregtigheid, berig oor die vordering van hul planne, en bied voorstelle aan die institute van die Geloof. Konsultasies by die Neëntiendaefees is van die uiterste belang, want op hierdie manier kan elke individu deelneem aan die sake van die wêreldwye Bahá'í-gemeenskap.

---

[91] Tablets of Abdul-Baha Abbas (New York: Bahá'í Publishing Committee, 1916, 1930 printing), vol. 3, p. 631. (authorized translation)

[92] Bahá'u'lláh, in The Kitáb-i-Aqdas: The Most Holy Book (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1993, 2013 printing), par. 57, p. 41.

[93] Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá, no. 48.1, p. 130.

- Die sosiale deel van die Fees, is die tyd vir kameraadskap en gasvryheid. Musiek kan gespeel word, opbouende praatjies gelewer word en aanbiedings deur die kinders gemaak word. Kortom, noukeurig uitgesoekte uitdrukkings van kultuur, waardig en vreugdevol, kan gebruik word om hierdie deel van die Fees te verryk.

- Die Neëntiendaefees is 'n belangrike kenmerk van die Administratiewe Orde van die Geloof. Dit bring die geestelike, administratiewe en sosiale aspekte van die gemeenskapslewe bymekaar. Al hierdie aspekte moet ewe veel beklemtoon word, want die sukses van die Fees hang af van die regte balans tussen hierdie drie komponente. In 'n boodskap wat in Augustus 1989 geskryf is, sê die Universele Huis van Geregtigheid:

  **"Die Wêreldorde van Bahá'u'lláh omvat alle eenhede van die menslike samelewing; dit integreer die geestelike, administratiewe en sosiale prosesse van die lewe; en kanaliseer menslike uitdrukking in sy uiteenlopende vorme na die bou van 'n nuwe beskawing. Die Neëntiendaefees omvat al hierdie aspekte waarop die samelewing gegrond is. Dit funksioneer in die dorpie, die dorp, die stad, dit is 'n instelling waarvan al die mense van Bahá lede is. Dit is bedoel om eenheid te bevorder, vooruitgang te verseker en vreugde te verryk."**[94]

- So 'n belangrike gebeurtenis soos die Neëntiendaefees kan nie inderhaas saamgeflans word nie. Deur gebed en nadenke moet elke individu hom- of haarself geestelik voorberei vir die Fees, en tydens die geleentheid self moet almal met hart en verstand deelneem,
  - deur in die oordenkingsgedeelte te lees, of bloot te luister na die gedeeltes wat voorgelees word;
  - deur verslagdoening, leiding te ontvang of voorstelle te maak;
  - deur as gasheer op te tree, of bloot gasvryheid met vreugde en vonkeling te geniet.

  In dieselfde brief oor die Neëntiendaefees, sê die Universele Huis van Geregtigheid:

  **"Belangrike aspekte van die voorbereiding van die Fees sluit in die behoorlike keuse van voorlesings, die opdrag, vooraf, van goeie lesers, en 'n sin vir smaakvolheid beide in die aanbieding en die ontvangs van die oordenkingsprogram. Aandag aan die omgewing waarin die Fees gehou gaan word, hetsy binnenshuis of buite, beïnvloed die ervaring in 'n groot mate. Netheid, rangskikking van die ruimte op praktiese en dekoratiewe maniere - alles speel 'n belangrike rol. Stiptelikheid is ook 'n maatstaf van goeie voorbereiding.**

---

[94] From a letter dated 27 August 1989, published in Messages from the Universal House of Justice, 1986–2001: The Fourth Epoch of the Formative Age (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2010), no. 69.2, pp. 132–33.

**"In 'n baie groot mate hang die sukses van die Fees af van die kwaliteit van die voorbereiding en deelname van die individu. Die geliefde Meester gee die volgende raad: 'Gee groot gewig aan die Neëntiendag byeenkomste, sodat by hierdie geleenthede die geliefdes van die Here en die diensmaagde van die Barmhartige hulle aangesig na die Koninkryk kan draai, saam kan sing, God se hulp smeek, en met vreugde lief kan raak vir mekaar, en groei in reinheid en heiligheid, en in die vrees van God, en in weerstand teen passie en ego. So sal hulle hulself van hierdie onderliggende wêreld afskei en hulle verdiep in die ywer van die gees.'"**[95]

Soos altyd moet jy bogenoemde idees verskeie kere deurlees en dit in jou groep bespreek sodat jy leer om dit met gemak te sê. Die volgende oefeninge sal jou help om verdere insig te kry in die betekenis van die Neëntiendaefees:

1. Wat verseker Bahá'u'lláh ons, sal elke woning kenmerk waarin ons bymekaarkom om die Here te loof en prys?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2. In die tweede aanhaling hierbo sê Bahá'u'lláh vir ons dat, wanneer ons in samekomste byeenkom, moet ons met ______________________ en __________________ praat, en _________________________________ te lees, want dit is God se Woorde wat _________________________________ aansteek, en ___________________________________________________ .

3. In die derde aanhaling hierbo raai 'Abdu'l-Bahá ons aan om byeenkomste te hou en die hemelse Leringe resiteer en te sing, sodat

- die land waarin ons woon, ________________________________________
- en die gebied waarin ons woon, _____________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Hoeveel maande is daar in die Bahá'í-kalender? ______

5. Hoeveel dae is in elke maand? _______

6. Watter spesiale byeenkoms vind een keer per maand onder Bahá'ís plaas?

______________________________________________________________

[95] Ibid., no. 69.9–10, p. 135.

7. Wat is die drie dele van die Neëntiendaefees?

8. Word die dele van die Neëntiendaefees in enige volgorde uitgevoer? ____________

9. Wat is die doel van die oordenkingsdeel van die Fees?

10. Wat is die doel van die administratiewe deel van die Fees?

11. Wat is die doel van die sosiale deel van die Fees?

12. Watter van die volgende onderwerpe sal gepas wees om tydens die administratiewe deel van die Fees te bespreek?

- Die finansiële behoeftes van gemeenskapsondernemings
- Die tellings van die nasionale sokkerspan
- Hoe om 'n meningsverskil tussen twee lede van die gemeenskap op te los
- Die vordering van Bahá'í-kinderklasse in die gemeenskap
- Die betekenis van 'n gedeelte uit die Geskrifte wat een van die lede van die gemeenskap vroeër die week bestudeer het

- Die lewenskragtigheid van die junior jeugprogram in die gemeenskap
- Plaaslike werksgeleenthede word vir jongmense beskikbaar
- Die ondersteuning wat die gemeenskap kan bied aan junior jeuggroepe wie se diensprojekte kompleks geword het
- Besoeke aan ouers van kinders en junior jeug in die opvoedkundige programme wat deur die instituut bevorder word
- Die versterking van die toegewyde karakter van die gemeenskap
- Die skedule van programme wat op televisie uitgesaai word
- Die insigte wat verkry is oor die bevordering van 'n vreugdevolle en gedissiplineerde atmosfeer in studiekringe
- Die viering van die komende Heilige Dag
- Inisiatiewe van sosiale aksie wat voortspruit uit die gemeenskapsbouproses

13. Bespreek die volgende vraag met julle groep: Waarom is balans tussen die drie dele van die Fees so belangrik?

14. Bespreek nou die twee vrae hieronder.

a. Hoe sou jy vir die Fees voorberei as jy dit sou aanbied?

b. Hoe sou jy vir die Fees voorberei as jy alleen die enigste deelnemer sou wees?

## AFDELING 13

Die tweede vraag wat dikwels in gesprekke oor die Geloof opduik, is hoe die Bahá'í-gemeenskap in sy finansiële behoeftes voorsien. Hier is 'n paar punte wat jou kan help om op sulke navrae te reageer:

- Die instrument wat die Bahá'í-gemeenskap gebruik om vir sy materiële behoeftes te sorg, is die Bahá'í-Fonds. Dit word geadministreer deur die institute van die Geloof op verskillende vlakke: plaaslik, nasionaal, kontinentaal en internasionaal. Bahá'ís glo dat hulle self die uitgawes moet dra van ondernemings om hul geloof te bevorder, en daarom ontvang die Fonds bydraes slegs van lede van die gemeenskap.

- Bydrae tot die Fonds is 'n vrywillige daad. Dit is vertroulik in die sin dat dit 'n saak is tussen die individu en die institute van die Geloof; name van bydraers en die bedrae wat gegee is, word nie bekend gemaak nie. Geen druk word op die lede van die gemeenskap geplaas om by te dra nie. Dit is vertroulik in die sin dat dit 'n saak is tussen die individu en die instellings van die Geloof; name van bydraers en bedrae gegee word nie bekend gemaak nie. Geen druk word op die lede van die gemeenskap geplaas om by te dra nie. Die institute doen algemene beroepe op die gemeenskap, herinner hulle aan die belangrikheid van die Fonds en wys op die vereistes daarvan. 'n Gemeenskap sal dikwels vir homself 'n bydraedoelwit stel. Maar bedrae word nooit vir individue vasgestel nie, en geld word nie gevra nie. Dit word aan elke individu oorgelaat om te besluit, volgens sy of haar begrip van die betrokke beginsels, hoeveel om by te dra.

- Die beskawing wat ons probeer bou sal 'n voorspoedige een wees, beide materieel en geestelik. Rykdom is slegs aanvaarbaar as sekere voorwaardes nagekom word. Ons moet dit verdien deur eerlike werk. Ons moet dit ten bate van die mensdom bestee. En die ganse gemeenskap moet opgehef word; dit is nie aanvaarbaar dat 'n paar uiters ryk is, terwyl die meerderheid die noodsaaklike lewensbehoeftes ontbreek nie. Bahá'u'lláh sê vir ons:

  **"Die beste mense is hulle wat 'n bestaan verdien deur hul roeping en spandeer op hulself en hul familie vir die liefde van God, die Here van alle wêrelde."**[96]

  **". . . julle moet goeie en wonderlike vrugte dra, sodat julle self en ander daarby kan baat. Daarom is dit elkeen se plig om ambagte en beroepe te beoefen, want daarin lê die geheim van rykdom, o mense van verstand!"**[97]

---

[96] The Hidden Words, Persian no. 82, p. 51.
[97] Ibid., Persian no. 80, p. 51.

En 'Abdu'l-Bahá verduidelik:

**"Rykdom is heel prysenswaardig, mits die hele bevolking ryk is. As enkeles egter buitensporige rykdom het terwyl die res verarm is, en geen vrug of voordeel trek uit daardie rykdom nie, dan is dit slegs 'n aanspreeklikheid teenoor die besitter daarvan."**[98]

- Om 'n samelewing te bou wat vry is van onreg en ellende, moet ons almal vrygewig gee. Selfs as ons finansiële hulpbronne skraps is, moet ons steeds iets bydra tot die vooruitgang van die mensdom, want ware voorspoed kan slegs bereik word deur te gee. Vrygewigheid is 'n eienskap van die menslike siel; dit het niks met ons materiële omstandighede te doen nie. In die Verborge Woorde sê Bahá'u'lláh:

  **"Om te gee en vrygewig te wees is eienskappe van My; dit gaan goed met hom wat homself met My deugde versier."**[99]

- Ons moet onthou dat die ware bron van watter rykdom ons ook al besit, God is, die Al-Oorvloedige. Hy voorsien ons van ons bestaansmiddele; Hy maak dit vir ons moontlik om te vorder. En wanneer ons bydra tot die Fonds, bestee ons vir Sy Saak 'n gedeelte van wat Hy aan ons gegee het. Vir Bahá'ís is dit dus nie bloot 'n kwessie van vrygewigheid om aan die Fonds te gee nie; dit is ook 'n geestelike oorvloed en 'n groot individuele verantwoordelikheid. Die Beskermer raai ons aan:

  **"Ons moet wees soos 'n spuit of fontein wat homself gedurig leegmaak van alles wat dit het, en voortdurend hervul word uit 'n onsigbare bron. Om voortdurend uit te gee vir die beswil van ons medemense, wat nie deur vrees vir armoede afgeskrik word nie, en staatmaak op die onfeilbare oorvloed van die Bron van alle rykdom en alle goedheid – dít is die geheim van 'n regte lewe."**[100]

Jy sal 'n geleentheid kry om sommige van hierdie idees in groter diepte te oorweeg, in 'n latere kursus in hierdie reeks, wat die onderwerp van materiële middele aanspreek. Vir nou word jy aangemoedig om, soos altyd, die inhoud hierbo puntsgewys te bespreek en die volgende oefeninge uit te voer sodat jy leer om die idees natuurlik en met gemak uit te druk:

1. Op grond van bostaande aanhalings, vul die spasies in die sinne hieronder in.

---

[98] 'Abdu'l-Bahá, The Secret of Divine Civilization (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2007, 2016 printing), par. 46, p. 33.
[99] The Hidden Words, Persian no. 49, p. 39.
[100] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 17 November 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 3, p. 617.

a. Bahá'u'lláh sê vir ons dat ons 'n ____________________ moet verdien deur ons roeping en dit op ____________________________________________________ moet spandeer.

b. Ons moet _____________ en ________________ vrugte voortbring, dat ons self en ander daarby kan _______________________ .

c. Elkeen van ons moet _____________ en ___________ beoefen, want daarin lê die ________________ van _______________.

d. 'Abdu'l-Bahá verduidelik dat rykdom ___________________________ is, mits die _________________________ ryk is.

e. As ______________ egter buitensporige _______________ het terwyl die res _______________________ is, en geen ____________ of ______________ trek uit daardie _____________ nie, dan is dit slegs 'n _______________ teenoor die ________________ daarvan.

f. Bahá'u'lláh sê: "Om te ____________ en om _______________ te wees, is eienskappe van My; dit gaan goed met hom wat homself met My _______________ .

g. En die Beskermer moedig ons aan om soos 'n __________ of _______________ te wees wat gedurig ________________________ van alles wat dit het, en voortdurend hervul word uit 'n _______________________________________ .

h. Om voortdurend _____________________ vir die ____________________ van ons medemense, wat nie deur ______________________________ afgeskrik word nie, en staatmaak op die onfeilbare ____________________________________________ ______________________________________ - dit is die geheim van die regte lewe.

2. Skryf die volgorde van idees neer wat in die bostaande aanbieding gevolg is:

____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________
____________________________________________________________________

## AFDELING 14

Om insig te kry in die soort gesprekke wat kan ontvou in 'n dorpie of woonbuurt wat wemel van bedrywighede, het ons die pogings van Alejandra, 'n jong universiteitstudent, gevolg. Oor 'n reeks besoeke, wat oor 'n paar weke strek, het sy 'n aantal temas met mnr en mev Sanchez bespreek wat, sy hoop, sal help om hul kennis van die Geloof te verdiep en hul toewyding aan die leringe wat hulle aangeneem het, te versterk. Uiteindelik het Beatrice, die Sanchezes se kleindogter op die toneel verskyn. Dit het ons in staat gestel om 'n ander soort gesprek te ondersoek, hierdie een tussen twee jeugdiges, albei gretig om te leer hoe hulle hul gemeenskappe kan dien. Deur die verslag te volg en die oefeninge te voltooi, het ons gesien dat, benewens 'n groeiende kennis van die betrokke onderwerpe, sekere geestelike eienskappe, gesindhede en vaardighede nodig is om die gesprekke wat ons hier oorweeg, vol te hou.

In Afdeling 14 en 15 sal ons temas van 'n ander soort ondersoek: temas wat meestal vir bespreking gebruik word tydens besoeke aan gesinne met kinders wat deelneem aan die opvoedkundige programme wat deur die instituut bevorder word. Soos reeds aangedui, is die onderrig van klasse vir kinders en die leiding van 'n junior jeuggroep as 'n animeerder diensaksies wat in opvolgende kursusse, onderskeidelik in Boeke 3 en 5, aangespreek word. Jy mag of mag nie vertroud wees met die ooreenstemmende twee programme nie, afhangende van of jy self op 'n vroeër ouderdom daaraan deelgeneem het.

Kom ons kyk eerstens na die inhoud wat dikwels die basis vorm vir 'n deurlopende gesprek met die gesinne van junior jeug. Ons sal ons verbeel dat 'n geruime tyd verloop het sedert ons ons storie verlaat het, en dat Beatrice nou Boek 2 bestudeer. Alejandra vra haar vriendin of sy haar wil vergesel, wanneer sy die gesinne van verskeie junior jeugdiges besoek, wat met haar bystand 'n groep gaan stig. Sy aanvaar dit gretiglik.

Alejandra verduidelik aan Beatrice wat sy beoog. "Ons sal elke besoek begin," lig sy haar in, "deur die ouers aan die program bekend te stel, waarby hul seun of dogter belangstelling getoon het om aan te sluit, en deur te noem dat dit deel is van die gemeenskapsbouproses wat in die buurt vorentoe beweeg. Ons sal dan saam met hulle van die konsepte en idees verken waarop die program gebaseer is. Dit sal die eerste van 'n reeks besoeke wees, en ons hoop is dat, soos die gesprek met verloop van tyd vorder, die gesin nie net die groep aktief op 'n verskeie maniere sal ondersteun nie, maar die bevorderaars van die geestelike bemagtiging van die junior-jeug in die gemeenskap sal word."

Alejandra en Beatrice gaan voort om 'n paar punte waaroor hulle met elke gesin wil praat, te bespreek. Hulle besluit om al die idees wat hulle belangrik ag, neer te skryf, wetende dat hulle slegs 'n paar in die eerste besoek sal dek, en die res in daaropvolgende gesprekke sal aanspreek. Hier is die punte wat hulle opsom oor die potensiaal van junior jeug:

- In die lewe van 'n individu is die drie jaar tussen die ouderdomme van 12 en 15 'n deurslaggewende tydperk —'n stadium van oorgang van kinderjare na volwassenheid.

- Ons verwys dikwels na jongmense in hierdie ouderdomsgroep as "junior jeug". Hulle is nie meer kinders nie maar het nog nie die volheid van jeug bereik nie.

- Ongelukkig is daar 'n foutiewe, dog wydverspreide beeld van junior jeug as impulsief, opstandig, self-gesentreerd en geneig tot voortdurende krisisse. Ons beskou dit egter in 'n ander lig. Dit is waar dat ons almal gedurende hierdie kort lewensfase vinnige veranderinge ervaar: fisies, emosioneel en geestelik. En dit is ook waar dat ons as gevolg daarvan 'n mate van opstandigheid kan toon. Maar in werklikheid is dit 'n tyd van groot potensiaal en van baie belofte.

- Ons was self nie so lank gelede junior jeugdiges nie en onthou hoe ons deur hierdie veranderinge geraak is. Soms was ons braaf en soms bang. Soms was ons nogal gesellig en ander kere heel skaam. Ons het baie keer gesê dat ons uitgelos wil word, maar gehoop het om aandag te kry. Ons wou verstaan waarin ons goed is en watter talente en vermoëns ons het. En dit was vir ons belangrik hoe ander mense ons sien, en wat hulle van ons idees dink.

- Dis belangrik om te besef, dat hierdie soort gedrag net tydelik is. In die lewe van 'n mens is dit tydens hierdie jare, dat sekere kragte van die verstand vinnig ontwikkel. Ons begin om antwoorde op fundamentele bestaansvrae te soek. Ons ontleed gebeure rondom ons en bevraagteken baie van wat ons geleer is. En ons is nie meer so gewillig soos voorheen, om outomaties te doen wat volwassenes vir ons aansê nie, veral as ons teenstrydighede tussen hul woorde en dade sien.

- As jongmense gehelp wil word om hul ontluikende magte met vrug toe te pas, is dit noodsaaklik om te verhoed dat hulle soos kinders behandel word.

  'Abdu'l-Bahá beskryf hierdie tydperk soos volg::

  **"Na 'n tyd betree hy die tydperk van jeug, waarin sy vorige toestande en behoeftes oorskry word, deur nuwe vereistes van toepassing op die vordering op sy vlak. Sy waarnemingsvermoë word verbreed en verdiep; sy intellektuele vermoëns ontwikkel en ontwaak; die beperkings en omgewing van die kinderjare inhibeer nie meer sy energieë en prestasies nie."**[101]

- Die Universele Huis van Geregtigheid, die beheerliggaam van die Bahá'í-geloof, sê die volgende oor die benadering wat ons in die werk met junior jeug gevolg het:

  **"Terwyl wêreldwye neigings hierdie ouderdomsgroep as problematies uitbeeld, verlore in die pyn van onstuimige fisiese en emosionele verandering, reaksieloos en selfgesentreerd, beweeg die Bahá'í-gemeenskap – in die taal wat dit gebruik en die benaderings wat dit aanneem – duidelik in die teenoorgestelde rigting: Die junior jeug word eerder as altruïsties beskou, met 'n akute sin vir geregtigheid, gretigheid om te leer oor die heelal en 'n begeerte om by te dra tot die opbou van 'n beter wêreld."**[102]

Alejandra en Beatrice vestig dan hul aandag op die geestelike bemagtigingsprogram self en probeer sommige van die kenmerke daarvan identifiseer:

- Dié tussen die 12 en 15 jaar oud, smag daarna om aan 'n groep vriende te behoort met wie hulle hul gedagtes kan deel, aan projekte kan werk, sport kan beoefen, ensovoorts. Teen hierdie agtergrond is die program gebou rondom die konsep van 'n "junior jeuggroep". Elke groep word gelei deur 'n "animeerder", dikwels 'n ouer jeugdige wat, as 'n ware vriend van die lede, hulle bystaan om hul vermoëns te ontwikkel.

- Groepe vergader gereeld. In hul byeenkomste leer junior jeug om konsepte te verken en idees uit te druk sonder vrees vir sensor of bespotting. Hulle word aangemoedig om te luister, te praat, te oordink, te analiseer, om besluite te neem en daarvolgens op te tree.

- Ons leef in 'n tyd waarin soveel negatiewe kragte, die manier waarop junior jeug dink en optree, beïnvloed. Animeerders help hulle om hierdie magte te bestry;

[101] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 17 November 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 3, p. 617.
[102] From a message dated 21 April 2010, published in Framework for Action: Selected Messages of the Universal House of Justice and Supplementary Material, 2006–2016 (West Palm Beach: Palabra Publications, 2017), no. 14.16, p. 82.

nie net om hulself teen die morele verval van die samelewing te beskerm nie, maar om te werk vir die verbetering van die wêreld.

- Die program poog om kragte inherent aan die menslike siel te koester, kragte wat tydens vroeë adolessensie hulself in toenemende grade begin vestig. Veral belangrik is die kragte van denke en uitdrukking. Jongmense moet die taal ontwikkel wat nodig is om diepgaande idees oor die wêreld uit te druk, en om te verwoord hoe hulle dit wil sien verander.

- Junior jeug is gretig om na te dink oor die betekenis van konsepte wat die basis vorm van 'n doelgerigte lewe. Geluk, hoop en uitnemendheid is 'n paar voorbeelde hiervan. Ongelukkig is mense geneig om op oppervlakkige wyse oor hierdie idees te praat. Jong breinkrag kan gehelp word om 'n gesonde morele struktuur op te bou en om die negatiewe kragte van die samelewing te weerstaan, deur die verkryging van 'n diepgaande begrip van bostaande konsepte, en te herken hoe hulle uitdrukking vind in die alledaagse lewe.

- Om konsepte te verstaan is noodsaaklik vir intellektuele ontwikkeling. Junior jeugdiges kan soms probleme ondervind op skool, omdat daar van hulle verwag word om baie inligting oor verskillende vakke te leer, sonder om voldoende hulp te ontvang om die onderliggende konsepte te begryp. Die program motiveer hulle om diep na te dink oor idees: moreel, wiskundig, wetenskaplik, ensovoorts. Dit verbeter noodwendig hul prestasie op skool.

- Junior jeug het 'n groot begeerte om sin te maak van dinge. Hulle wil die redes begryp vir wat rondom hulle gebeur. Om suksesvol te wees, moet hulle nie net met hul fisiese oë kan sien nie, maar ook met hul geestesoog. 'n Belangrike doel van die program is dus die uitbouing van geestelike persepsie: die vermoë om geestelike kragte te herken en om geestelike beginsels te identifiseer in situasies wat hulle teëgekom.

- Die program bereik sy verskeie doelstellings – die ontwikkeling van sedes, geestelike persepsie en uitdrukkingskragte – met behulp van 'n reeks tekste. Die tekste bestaan uit eenvoudige stories oor die lewens van jongmense in verskillende wêrelddele. Behalwe om hierdie tekste saam te bestudeer, die inhoud daarvan te bespreek en die vereiste oefeninge te voltooi, neem die junior jeug deel aan sport en leer oor kuns en handwerk.

- Met die hulp van animeerders ontwerp en voer groepe ook 'n reeks diensprojekte uit, wat 'n groot komponent van die program uitmaak. Deur hierdie projekte leer junior jeug om oor die gemeenskap en sy behoeftes te dink, om te konsulteer en om onder mekaar en met ander in die gemeenskap saam te werk.

- Aspekte wat deur die tekste gedek word, is uiteenlopend; elkeen fokus op 'n tema wat noodsaaklik is vir die geestelike bemagtiging van junior jeug. Die

> eerste teks behandel byvoorbeeld die tema van "bevestiging" - dat God die pogings wat ons aanwend om edele doelwitte te bereik, bevestig. 'n Ander teks handel oor "hoop" - hoe ons met hoop na die toekoms moet kyk, selfs gedurende die moeilikste tye. 'n Ander ontleed die konsep van "uitnemendheid". "Vreugde" is die tema van een storie, terwyl "die krag van die woord" die onderwerp van nadenke in 'n ander is. Onder die tekste wat wiskundige konsepte aanspreek, ondersoek 'n mens die gewoontes van 'n geordende verstand. Op die gebied van wetenskap is daar 'n teks wat fokus op die versorging van 'n mens se gesondheid - fisies, verstandelik en geestelik. En dan is daar omtrent 'n dosyn verdere temas wat junior jeug oor drie jaar bestudeer.

Alejandra en Beatrice beplan om 'n paar van die tekste saam te bring, ingeval ouers daardeur wil kyk. As jy nie goed vertroud is met die tekste nie, sal jy dit dalk nuttig vind om tyd te neem om soveel as moontlik van die stories te lees — dit sal jou in staat stel om diverse gesprekke wat in die gemeenskap ontvou, beter te volg. Intussen word jy aangemoedig om die idees wat hierbo aangebied is, wat in Boek 5 in meer diepte behandel word, volledig met die ander deelnemers in jou studiegroep te bespreek. As jy, nadat jy daardie boek bestudeer het, besluit om as 'n animeerder van 'n junior jeuggroep op te tree, sal jy stelselmatig die gesinne van die lede in die groep besoek, en saam met hulle hierdie en baie soortgelyke idees verken. Maar selfs nou, soos Beatrice, wil jy dalk iemand met ervaring vergesel op 'n paar besoeke aan die gesinne van junior jeug in jou gemeenskap.

## AFDELING 15

Die volgende dag besoek Alejandra en Beatrice die huise van drie junior jeugdiges wat sal aansluit by die nuwe groep wat in die buurt gevorm word. Beatrice is bly om die entoesiasme te sien waarmee die ouers in gesprek tree oor die geestelike bemagtigingsprogram. Teen die einde van die middag is sy oortuig daarvan, dat sy graag vir Alejandra met die junior jeuggroep wil help, en self sal leer om as animeerder van 'n nuwe groep te dien, hopelik reeds in die jaar. Sy besef natuurlik dat sy intussen nog 'n paar instituutboeke moet voltooi. Maar sy is vasbeslote om daarmee teen dieselfde bestendige pas as voorheen te vorder.

Beatrice beweeg so vorentoe op die pad van diens met voortdurende bystand en aanmoediging van Alejandra. Kom ons hervat haar storie weer, 'n paar maande later, wanneer sy net op die punt is om Boek 3 te voltooi. Die tutor van haar studiekring het Maribel, 'n kinderklas-onderwyseres, gevra om Beatrice en haar mededeelnemers te nooi, om haar om die beurt te vergesel op besoeke aan die ouers van kinders in 'n nuutgestigte klas vir Graad 1. Beatrice voel dat sy baie geleer het uit haar bestudering van Boek 3. En sy weet van Alejandra, wat dit al 'n paar keer genoem het, dat die insigte wat sy uit dié boek verkry het, haar vermoë om as 'n animeerder te dien, sal verbeter.

Wanneer hulle byeenkom, sê Maribel vir Beatrice dat hulle by Emma se ma gaan kuier. "Sy is 'n lieflike dogtertjie wat graag leer," noem Maribel. "Ek het al een keer by haar ouers gekuier en die aard van 'n Bahá'í-kinderklas aan hulle verduidelik. Hulle het Emma graag toegelaat om deel te neem. Haar ma het belangstelling uitgespreek om meer oor die klas te wete te kom, en ek het belowe om terug te gaan om 'n bietjie te gesels oor die opvoedkundige idees onderliggend aan die materiaal wat ons onderrig. Ek het selfs 'n paar aantekeninge vir myself gemaak. As jy wil, kan ons saam deur hulle gaan en dit bespreek." Beatrice stem saam. Hier is die notas waaroor hulle gesels:

- Eerstens sal ek vir mev Martinez vertel hoe bly ek is om Emma in die klas te hê en sal ek van haar wonderlike eienskappe noem.

- Dit blyk die beste om die bespreking te begin, deur saam met haar hierdie aanhaling uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh te lees:

  **"Beskou die mens as 'n myn, ryk aan juwele van onskatbare waarde. Slegs opvoeding kan veroorsaak dat dit sy skatte openbaar en die mensdom in staat stel om daarby baat te vind."**[103]

- Ek kan dan 'n paar gedagtes deel oor hoeveel hierdie stelling my as onderwyser beïnvloed het. Ek sal dan sê dat my hart oorloop van blydskap, wanneer ek na die kinders in die klas kyk en aan hulle dink as myne vol kosbare juwele. Elkeen van hulle het die potensiaal om hemelse eienskappe te onthul. Elkeen van hulle het talente wat ontdek en ontwikkel kan word. Elkeen van hulle kan grootword om 'n waardevolle lid van die samelewing te word, en by te dra tot die verbetering van die wêreld.

- Vervolgens moet ek seker 'n paar voorbeelde noem van die juwele wat die onderwys moet poog om in elke kind te openbaar. Ek kan sommige van die kragte van die verstand noem, byvoorbeeld om natuurwette te ontdek, pragtige kunswerke te skep en edele gedagtes uit te druk. Ek sal verduidelik hoedat kinders al hierdie kragte kan begin ontwikkel, wanneer hulle goeie opvoeding ontvang. Maar om dit te laat gebeur, moet hulle op 'n vroeë ouderdom sekere eienskappe aanleer. Hulle moet byvoorbeeld leer om aandag te gee, om hard te werk wanneer nodig, en om te fokus op wat hulle doen. Hulle moet opgroei tot individue wat omgee vir die welstand van ander en wat die gemeenskap wil dien. Daarom is dit belangrik om op 'n jong ouderdom aandag te gee aan hul karakterontwikkeling.

- Dit sal dus die aangewese tyd wees om mev Martinez te vra om 'n paar idees met ons te deel oor die tipe persoon wat sy wil hê haar dogter moet word. Wat is van die karaktertrekke wat sy belangrik ag, vir Emma om te hê?

[103] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXXII, par. 1, p. 294.

- Onder die eienskappe wat sy noem, sal sommige verseker in die kategorie van geestelike eienskappe val, wat die volgende onderwerp is wat ek sal inlei. Ek sal sê dat daar is sekere eienskappe is, wat 'n individu behoort te besit, wat onderliggend is vir menslike bestaan. Dit behoort aan die siel van die mens. Ons ontwikkel dit, soos ons die spieël van ons hart poets, om die eienskappe van God te kan weerspieël. Ons verwys hierna as geestelike eienskappe, en die lesse wat ons in ons klasse vir Graad 1 onderrig, fokus meestal op hierdie eienskappe.

- Ek dink ek sal net voortgaan en 'n paar geestelike eienskappe opsom, wat in die Graad 1-lesse in Boek 3 aangespreek word en die betrokke aanhalings met haar deel. Ek sal verduidelik dat Emma hierdie aanhalings sal memoriseer en dat sy haar dogter kan vra om dit vir haar op te sê, asook die gebede wat sy sal leer:

- Liefde:

  **"O Vriend! Plant niks anders as die roos van liefde in die tuin van jou hart nie. . ."**[104]

- Regverdigheid

  **"Betree die pad van geregtigheid, want dit is voorwaar die reguit pad."**[105]

- Waarheid

  **"Waarheid is die grondslag van alle menslike deugde."**[106]

- Vreugde

  **"O Seun van die Mens! Verbly jou in die blydskap van jou hart, dat jy waardig kan wees om My te ontmoet en My skoonheid te weerspieël."**[107]

Maribel en Beatrice besluit dat bogenoemde idees voldoende is vir een besoek. Jy sal self binnekort aanbeweeg na die studie van Boek 3, en sal 'n geleentheid kry om na te dink oor 'n paar beginsels wat vorm gee aan die Ruhi Instituut se sesjaarprogram vir die geestelike opvoeding van kinders. As jy, voor dan, die geleentheid kry om 'n paar ouers saam met 'n kinderklas-onderwyser te besoek, sal die idees wat hier uiteengesit word van hulp wees, en jy moet dit nou punt vir punt in jou studiegroep bespreek.

[104] The Hidden Words, Persian no. 3, p. 23.
[105] Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh, CXVIII, par. 1, p. 283.
[106] 'Abdu'l-Bahá, cited by Shoghi Effendi, The Advent of Divine Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2006, 2018 printing), par. 40, p. 39.
[107] The Hidden Words, Arabic no. 36, p. 12.

## AFDELING 16

Ons het vroeër die volgende woorde van 'Abdu'l-Bahá gelees:

> **"Hoe sterker die bande van gemeenskap en harmonie tussen mense is, hoe groter sal die krag van opbouendheid en prestasie op al die vlakke van menslike aktiwiteit wees."**[108]

Die Universele Huis van Geregtigheid sê vir ons dat ons, wanneer ons huise besoek en mense na ons toe uitnooi, dit "bande van geestelike verwantskap smee, wat 'n gevoel van gemeenskap bevorder". Ons moet dus nie die effek van hierdie praktyk op die kultuur van ons groeiende gemeenskap onderskat nie.

In die voorafgaande afdelings het ons gekyk na verskeie afsonderlike soorte gesprekke wat kan plaasvind, tydens die besoeke aan mekaar se huise. Ons almal, terwyl ons die pad van diens bewandel, sal deelneem aan 'n uitgebreide gesprek in ons dorpie, dorp of buurt, oor die toepassing van Bahá'u'lláh se leringe, op ons individuele en gesamentlike lewens. Soms sal dit uitloop op 'n reeks formele besoeke wat georganiseer word, om toenemende getalle in staat te stel om hul kennis van hierdie leringe te uit te brei. By talle ander geleenthede sal die opvoedkundige programme van die instituut, hul doelstellings en inhoud, die onderwerp van bespreking wees.

Uitnodigings om by die gemeenskapsbouproses betrokke te raak, sal na meer en meer bure en vriende gerig word. So as jy na die toekoms kyk, en na die pad van diens wat vir jou voorlê, moet jy alles inspan om die inhoud wat in hierdie eenheid aangebied word, goed te leer, ondervinding op te doen deur oor elke tema te gesels, en natuurlik voort te gaan om jou eie kennis van Bahá'u'lláh se leringe uit te brei. Sodoende sal nimmereindigende vreugde aan jou behoort, om die Woord van God met ander te deel.

---

[108] From a talk given by 'Abdu'l-Bahá on 25 September 1912, published in The Promulgation of Universal Peace, par. 2, pp. 478–79.